University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

# Gereformeerd wees in die NGSK /VGK (1976-2005): ‘n Kerkhistoriese en Outobiografiese verhaal

deur

**ARTHUR-ASHé STEENBOK**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir graad

**MAGISTER DIVINITATIS**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**STUDIELEIER: PROF. J.W. HOFMEYR**

**NOVEMBER 2005**

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)


## Summary

The Coloured community of Southern Africa, just like other ethnic groups, has been shaped by many factors (politics, economy, secularization, etc.). This 'otherness' also caused God to be regarded in a unique way – his role in this world, his involvement in this community and, finally, what his church should look like and how it should function.

The crux of this mini dissertation is to look specifically at this unique image of God. I humbly apologize for my use of classification and I do not want to revert to the former dispensation, but it is of the utmost importance for matters such as church union that colour and opinions be discussed.

The story of the Uniting Reformed Church of Southern Africa between 1976 and 2005 has been followed in greater detail both with a church historical and autobiographical approach. Some perspectives on the future of this church are provided.


Key words: Uniting Reformed Church (URC), Coloured community, Dr. Allan Boesak, Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK), church unity, Belhar Confession, Reformed tradition.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

## Voorwoord

My opregte dank en waardering word hiermee betuig aan die volgende persone:

- Aan my twee ouer broers Vernon en Marshall. Dankie vir julle ondersteuning. Waarlik het julle as ouer boeties na die 'laatlam' omgesien.

- Aan my Moeder; die 'bruggie van Prieska' het my brug geword na sukses.

- Prof J.W. Hofmeyr, ek spreek groot en dank waardering uit teenoor u. Dankie vir prof. se leiding hierdie jaar met hierdie projek asook tydens my studie jare by die fakulteit.

- My vrou, Sue-Ellen, jou deursettingsvermoë was vir my die aansporing op die moeisame pad. Ek is baie trots op dit wat jy behaal het.

- Die beitel van die tyd het diep gesny en stil verglydend het jaar na jaar sy stempel op ons lewens afgedruk. Wanneer 'n mens aan die einde van die oue en voor die begin van die nuwe te staan kom, kan jy nie help om terug te kyk op die pad waarlangs jy gekom het nie. En langs hierdie weg besef ons almal weer ons afhanklikheid van God.

***Opgedra aan my ontslape vader: Verner Ivor Steenbok***

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

**Inhoudsopgawe** **Bladsy**


| | | |
|---|---|---|
| 1. Inleiding: | Kerkwees en / Gereformeerdwees<br>Kerkhistoriese oorsig<br>Outobiografiese oorsig | 9 |
| 2. Definisie en navorsing oor term 'Gereformeerd' wees en kerkwees in 20e eeu in SA. Wat beteken dit werklik, stories, en hoe lyk dit vanaf die NGK na fokus NGSK/VGK. | | 21 |
| 3. 1960-1976<br>3.1 Kerkhistories<br>3.2 Kerkwees, Gereformeerd wees, Spiritualiteit<br>3.3 Getuienis na buite | | 31 |
| 4. 1976-1986<br>4.1 Kerkhistories<br>4.2 Kerkwees, Gereformeerd wees, Spiritualiteit<br>4.3 Getuienis na buite | | 44 |
| 5. 1986-1994<br>5.1 Kerkhistories<br>5.2 Kerkwees, Gereformeerd wees, Spiritualiteit<br>5.3 Getuienis na buite | | 62 |
| 6. 1994-2005<br>6.1 Kerkhistories<br>6.2 Kerkwees, Gereformeerd wees, Spiritualiteit<br>6.3 Getuienis na buite | | 74 |

7. Die pad vorentoe. Eenheid binne die VGK en eenheid met res van Gereformeerde familie. 92

8. Vraeboog 98

9. Bibliografie 100

10. Bylae A: De Christen 105

## Bronne

Primêre bronne is as Acta beskikbaar by Belhar kerkkantoor.
Persoonlike riglyne deur Dr. A Boesak, Prof Christiaan Loff, Ds. Sakkie Mentor
Sekondêre bronne Koerant, die Ligdraer/Ligstraal en Joernale.
Geskrewe bronne by Universiteit van Stellenbosch asook ander universiteite.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

## Probleemstelling

Die Kerk staan nie los van sosiologiese bewegings nie - die Kerk mág ook nie. Die Kerk loods sy *diakonia* karakter op die wêreld; maar bly self nie onaangeraak nie. Die sekulêre sfeer beïnvloed die psige van die mens en gevolglik het elkeen in die gemeente 'n ander persona. Daar ontstaan dus verskillende behoeftes en lewensbeskouings, en daarom gaan alle mense nie geloof en kerkwees op dieselfde manier ervaar nie.

Die Kleurlinggemeenskap van Suider-Afrika, net soos ander etniese groepe, is geskaaf deur verskeie faktore (politiek, ekonomie, sekularisasie, ens.). Hierdie 'andersheid' het ook teweeggebring dat God op 'n unieke manier beskou word – sy rol in hierdie wêreld, sy betrokkenheid by hierdie gemeenskap en, ten slotte, hoe sy kerk moet lyk en funksioneer.

Die kern van hierdie miniverhandeling is dus om spesifiek te kyk na hierdie unieke Godsbeeld. Ek maak nederig verskoning vir my gebruik van klassifisering en ek wil nie terugval in die vorige bedeling nie, maar dit is van kardinale belang vir kwessies soos kerkvereniging dat kleur en beskouings ter tafel gebring word.

Sleutelwoorde: Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK), Kleurlinggemeenskap, Dr. Allan Boesak, Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK), kerkvereniging, Belhar Belydenis, Gereformeerde tradisie.

# Hipotese

Navorsingvermoedens: Historiese en sosio-politieke faktore wat NGSK/VGK beïnvloed het.

1. Sosio-politieke en Kerkhistoriese faktore

Apartheid en die regering onder die hoof van die Nasionale Party. Spesifieke verwysing na gebeure soos die van Sharpeville, Dr. Allan Boesak, Dr. Beyers Naudé, Prof. Nico Koopman. Die ontstaan en ontwikkeling van Belhar Belydenis. Kerkberaad onder leiding van die Wêreldraad van Kerke in die Cottesloe-koshuis van die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg gehou. Die agenda vir Cottesloe vergadering was soos volg:

- Die realiteit van die situasie in SA
- Wat is die Christelike verstaan oor rasseverhoudings
- Die verstaan van kontemporêre historiese Christendom
- Die noodtoestand situasie in SA
- ‘The witness of the church in respect to justice, mission and cooperation.

Na die Cottesloe sage is die CI (Christelike Instituut) gestig en een van die Cottesloe afgevaardigdes, Dr.Beyers Naude, is een van die stigters. Die CI het ontstaan om die ekumeniese gesprekke tussen Christene van alle denominasies voor te sit.

2. Huislike omstandighede/Ekonomie

Armoede het hier grootliks ‘n rol gespeel; gemeentelede in sommige werksituasie waar Sondae arbeidsdag was.

3. NGK

Teologie en politiek wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) beoefen, het direk NGSK en Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) beïnvloed want in baie gevalle het hierdie moedergemeentes die armer gemeentes finansieel ondersteun.

4. Opleiding

Opleiding van VDM aan Wellington Kollege en so ook Universiteit van Wes-Kaapland. Gereformeerde teologie vanaf Nederland as oorsprong en so ook die NGK.

5. Sekularisasie

By die Algemene Sinode van 1990 spreek die NGK dit as sy oortuiging dat daar 'n aantal 'Christelike beginsels' is wat by die opstel van 'n nuwe grondwet as uitgangspunt moet dien. Hierdie beginsels omvat die erkenning van die oppergesag van die drie-enige God, sonder wie geen regering kan regeer en geen nasie kan oorleef nie. In die finale bewoording van die grondwet is daar nog 'n verwysing na die drie-enige God, nog 'n verwysing na die handhawing van Christelike waardes nog 'n Christelike lewenstyl.

Saam met hierdie samelewings veranderinge het die emansipasie van die vrou verloop. Dit het direkte invloed op die gemeentes waar in baie gevalle vroue-askies afneem en huisgesinne anders lyk en funksioneer.

Nuwe Suid-Afrika het ook getransformeer met nuwe inkomste groepering onder Swart- en Kleurlinggemeenskap.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

# 1. <u>Inleiding:</u>

## <u>1.1 Kerkwees en / Gereformeerdwees</u>

### 1.1.1 Bevrydingsteologie

In die Jeugligdraer 16 September 1982 word daar 'n onderhoud met Dr. Allan Boesak gevoer. Aan die pasverkose president van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke en een van die groot teoloë van die (derde) wêreld en as sg. Kleurling antwoord Dr. Allan Boesak so op die vraag vanwaar sy diep gewortelheid aan God se Woord (Die Ligdraer 1982: 246):

> *In my kinderjare het die Bybel in ons huisgesin n baie belangrike rol gespeel. Die invloed van my moeder, met dié gedagte dat die geloof onontbeerlik is in n mens se lewe. Mense soos ons wat arm was en <u>geen mag gehad het (op een of ander manier), ons inspirasie en troos moes put uit die Woord wat vir ons sê, dat God die Vader van die weduwee en wese is</u>. En soos wat Hy in die Bybel duidelik kant kies vir die weduwee en die wese..vir die swakke.*
>
> *My moeder het gesê, sonder geloof sou sy absoluut niks wees nie. Daar was geen verjaardaggeskenke, maar wel n bybelteks. " ek het nie n persent vir jou my kind, maar die bybelwoord is beter as die grootste geskenk". Ek het dit nooit heeltemal verstaan nie. Dit het egter vir my n fondament gegee.*

> *Die planne wat jy maak en drome wat jy droom, as dit nie gegrond is in die Woord van God, en jy jou nie laat lei deur die Woord van God, dan loop jou planne op niks uit.*
>
> *Nog n belangrike ding. Ek het geleer uit die voorbeeld van ander gelowiges dat die Woord van God vir ons werklik n rigsnoer is vir alle dinge in die lewe. Die Woord het ons nodig, want dit praat met ons. Dit lewer kritiek op ons gedagtes en planne, laat ons sien of ons nog in lyn is met wat die Here van ons verlang...*

Die doksologie, die roem van God en die eer van God die Vader, die skepper van die hemel en die aarde is nie net een van die kern elemente in Dr. Allan Boesak, die stryder teen apartheid, se teologie nie maar is duidelik deur die onderstreepte gedeelte dat hierdie gereformeerde vroomheid deel van sy eksistensie is. Nie net vir hom nie, maar ook deel is van die totale kleurling bevolking of soos Dr. Boesak dit sal beskryf deel van die totale swart bevolking van Suid-Afrika. Hierdie Gereformeerde tradisie wat in oortuiging leef dat die hele skepping bestaan *ad majorem gloriam Dei*, tot meerdere eer van God. Vir die (Swart) Gereformeerde is ons egter ook verlos om God te loof en te prys. Ons is uit genade gered om die wonderbare groot verlossingsdade van God te verkondig, bekend te maak (Smit 1997:389)[1]

Vir sang en musiek sowel as teologie het die N.G. Sendingkerk en nou genoem VGK meesal uit dieselfde Westerse kulturele bronne as die 'moederkerk' gespruit. Op argitektoniese gebied het die Sendingkerk geen eie vorm ontwikkel nie (Botha 1971:2)[2] Selfs op die gebied van kerkregering is ook geen tekens van 'n eie gestalte by die Sendingkerk aan te tref nie. Die mate van tug was ook dieselfde as die 'moederkerk', maar vanweë maatskaplike faktore onder kleurlinge was daar groter toepassing.

---

[1] Uittreksel uit die voordrag oor "Lofprysing, Aanbidding en Identiteit in die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" wat gelewer is tydens die geestelike konferensie van die Algemene Sinode van die VGKSA te Bloemfontein vanaf 14 April tot 20 April 1997.
[2] Abe Bailey-Instituut vir Rassestudies

Daar is wel die unieke verstaan van God; die verstaan word uitgebeeld deur Dr. Allan Boesak en kom na vore by die Sinode van die NG Sendingkerk van 1990. Die sinode van die NG Sendingkerk het reeds in 1966 verrykte diensordes vasgestel maar het die diensordes verder verfyn en hersiene formuliere goedgekeur. Hierdie besluite rondom die hersienings was duidelik daarop gemik om enige willekeurige eksperimentering met liturgiese handelinge en ordeninge af te sny en die vernuwingsproses ordelik aan die hand van voorgeskrewe riglyne en onder sinodale leiding te laat verloop ( Botha 1998: 61).

In ‘n studie oor die plek van religie in psigiatrie tydens die periode 1880-1940 in Nederland ondersoek Jacob Belzen hierdie professionele organisasie, *The Society for Christian care of Mental and Nervous Disorders in the Netherlands,* aangespoor deur die Gereformeerde Kerk. Hierdie organisasie het ‘n nuwe ‘visie’ van psigiatrie na vore gebring wat verskil het van die staats-ondersteunde institusies. Die legitimiteits-studie soos ondersoek deur Belzen is nie hier van belang nie. Die crux van die saak is egter dat Belzen in sy ondersoek na die fundamentele prinsipe oor gereformeerde psigiatrie wys dat hierdie model die vertrekpunt is dat alle kwale/siektes en hartseer/ongeluk die oorsaak is van sonde met Satan as die bron daarvan.

Alle kwale en siekte soos o.a. Apartheid en alle ongeluk o.a. Armoede is oorkom deur die verlossingsdaad van Jesus Christus, maar nog nie volkome sigbaar in hierdie wêreld nie. Die magtige hand van God sal sy volk verlos ten *parousia*. Dat ten spyte van die tekortkominge van ons as mens en die stremming van sonde God oorwinnend sal wees teen hierdie magte. Die verstaan of die Godsbeeld van die kleurlingbevolking of swartbevolking is intensief gebeitel deur vernederende omstandighede.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

Hierdie Godsbeeld verskil juis van die ‘moedergemeentelede’ en fokus hom/haarself op die proklamasie van Israel in die Ou Testament dat Jahwe die een is wat verlossing bring aan die onderdruktes.

Ex 3:7-8

> *Daarna sê die Here: “Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na ’n goeie en uitgestrekte land, ’n land wat oorloop van melk en heuning. Dit is die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete.*[3]

Die Exodus gebeurtenis kan dus beskou word as ‘n verlossing of bevrydingsbeweging. Die herdenking van die uittog uit Egipte is as Paasfees gevier elke lente op die veertiende Nisan (Maart/April). Herhaaldelik is die Pasga gebeurtenis gehoor in die Psalms en vorm dit ‘n kernelement in die liturgie van Israel. Hierdie bevryding van Israel word dus voorgehou om altyd hoopvol te wees in alle omstandighede. *This liberation message was the centre and sustenance of the life of Israel* (Boesak1976:21).

### 1.1.2 Swart Bewustheid-beweging

Die Swart Bewustheid-beweging, *Black Consiciousness*, het 'n kardinale rol gespeel in die sestigerjare vanweë twee redes. Aan die een kant het dit 'n nuwe en positiewe beskouing oor die identiteit van die gekleurde persoon en dus 'n nuwe uitkyk oor die lewe gebring.

[3] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, (Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika) 1983.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

Nie alleen het dit ook vir die jeug 'n mobiliserende faktor geword nie, maar dit het 'n samehorige optrede tussen Kleurlinge en Swartpersone teen die Blankes van Suid-Afrika bewerk. Die Swart Bewustheid kon nie die klasse verskille en bevoorregte verskille tussen Kleurlinge en Swartpersone oplos nie, maar kon samehorigheid bewerk deur daardie aspekte uit te lig wat almal onderdruk. Stephen Biko van die Swart Bewustheid verklaar (Arnold 1978:19)

> *The quintessence of (Black Consciousness) is the realisation by the Blacks that, in order to feature well in this game of power politics, they have to use the concept of group power and to build a strong foundation for this. Being an historically, politically, socially and economically disinherited and dispossed group, they have the strongest foundation from which to operate. The philosophy of Black Consciousness, therefore, expresses group pride and the determination of Blacks to rise and attain the envisaged self.*

Aan die beginjare van die Swart Bewustheid het dit nie 'n populêre aanhang gehad onder die Kleurlingbevolking nie. Die Swartpersoon in Suid-Afrika was nie beskou as volwaardig mens nie; die Kleurling persoon nog te minder en dit het 'n stryd om identiteit geloods. Die stryd van identiteit-soeke kan eindelik mooi saamgevat word deur die destydse Adjunk Minister P W Botha se toespraak aan 'n Kleurling gehoor in 1961 (Hugo 1978:51):

> *Different from the Bantu, the Coloured resembles the white Europeans in lifestyle, and he also uses the two official languages of the country. Traditionally the two groups are in close feeling with each other, they have many things in common and they are also interdependent on each other. Even so, they each possess their own identity.*

Dit is juis hieraan dat die Swart Bewustheid 'n oplossing kom bied het aan 'n bevolkingsgroep sonder 'n kenmerkende kulturele agtergrond of nie-gedefinieerde afkoms. Baie van die Kleurlinge het juis met die opkoms van die onluste die ideaal of droom opgegee om aanvaarding te vind by die Blanke sosiale en politieke strukture. Die Swart Bewustheid-beweging het dus op die uiteinde twee identiteitsprobleme van die Kleurgemeenskap opgelos; die een waar die gemeenskap besef het dat dit polities en sosiaal meer sin maak om hulle te vereenselwig met die Swartbevolking van Suid-Afrika want kleur was nie die kern van die saak nie, maar die onderdrukking. Die tweede oplossing vir identiteit was dus die kommutatiewe verwerping van alle Blankes, ook die wat die sondige natuur van apartheid erken het.

## 1.2 Kerkhistoriese oorsig

### 1.2.1 Oktober 1881

Die gemeente van Stockenstroom is in 1831 deur die Ring van Graaf-Reinet by die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) ingelyf. As gevolg van die besetting van daardie gebied deur blankes en kleurlinge as inwoners was daar baie jare die gebruik van kerklike regte vir albei partye soos in die ou kolonie. In 1855 het vyf-en-veertig blanke lidmate aansoek gedoen om afsonderlik die Nagmaal te vier; as rede is aangevoer dat hulle vir mekaar nie hinderlik wou wees nie. Die Kerkraad het uit vrees vir n skeuring die versoek nie toegestaan nie. Die Kerkraad voer as rede aan dat die versoek of gebruik sal direk indring teen die formulier van die Nagmaal; afwyk van die geloofsbelydenis en die Heilige Skrif. Die blanke Lidmate het hul versoek herhaal; en die kerkraad het die versoek na die Ring van Albanie verwys. Nadat die Ring die saak oorweeg het, is eenparig besluit dat by die kerkraad aanbeveel word om wel as tegemoetkoming van vooroordele en swakhede, die Nagmaal aan kleurlinge en blankes afsonderlik bedien word.

Hierdie besluit het opspraak gewek en die hele aangeleentheid is deur Ds R Shand van Tulbagh by wyse van n beskrywingspunt by die Sinode van 1857 aanhangig gemaak. Dit het as volg gelei: "*Of het de goedkeuring der Synode wegdraagt, dat in de Gemeenten der Nederduitsche-Gereformeerde Kerk, waar men het begeert, de gekleurden in een afzonderlijk gebouw, echter onder het bestier en opzigt van den Kerkeraad, alle voorregten der Christelijke Godsddienst afzonderlijk genieten zullen*"[4]

[4] Acta, M.K. 1857, p89. Vgl Marais,Ben, J. Die Kleur-krisis in die Weste,pp 290-291.

'n Groot aantal afgevaardigdes, predikante sowel as ouderlinge, het aan die bespreking deelgeneem. Alhoewel standpunte nie altyd duidelik te boek gestel is nie, is dit duidelik dat daar sterk vir en teen die beskrywingspunt gepraat is. In een stadium het ds. Shand versoek dat sy beskrywingspunt by die bespreking gelaat word; wat aantoon hoe 'n delikate onderwerp dit was. Ds. A Murray sr. Van Graaf-Reinet het egter 'n voorstel ingedien wat aan die oordeel van die vergadering onderwerp is.[5]

Die Hoogstaande predikante van daardie dae soos dr. Heyns, dr. Andrew Murray, ds. N.J. Hofmeyr en ds. G.W.A. van der Lingen, het die kleurvooroordele beslis afgekeur. Dit was nie gehandhaaf in alle gemeentes nie. Die hoop is uitgespreek dat die skeidsmuur sal wegval; maar daar is tog geoordeel dat in daardie omstandighede soos sake toe gestaan het, dit in belang van blank en gekleurd was dat die skeidslyn nie met geweld geskep was nie.

Dit is van die grootste belang om in die lig van hierdie besluite te onthou dat getrou aan die kerk se beleid van inlywing by die Moedergemeentes daar tog alreeds afsonderlike Kleurlinggemeentes was. J C Kriel beskryf dat daar in Wagenmakersvallei, Tulbagh, Stellenbosch gemeentes was wat hulle ontstaan aan die inisiatief van predikante en lidmate van die Kerk te danke gehad het. Die Sinode van 1857 was van die allergrootste belang in die wordingsgeskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending.

---

[5] *de Synod beschouwt het wenschelijk en schriftmatig, dat onze ledematen opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geschieden kan: maar waar deze maatregel, ten gevolge van de swakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in de weg soude staan, de gemeenten uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorngeten in een afzonderlijke gebouw of gesticht genieten zal* (Adonis 2002:114)

Teen 1870 het dit al vir die Kerk begin duidelik word dat konsolidering op die een of ander wyse kardinaal geword het. Die Kerkregterlike posisie van sendelinge was ook ‘n netelige kwessie. Met die koms van genootskappe se sendelinge het veel verwarring, stryd en onmin ontstaan (Kriel 1981: 21)[6]. 'n Manier van sending konsolidering was nodig en die eerste sinode moes hieroor uitsluitsel gee. Wat die werklike uitreik van die Kerk betref het die Kerk self 'n agterstand gehad in vergelyking met werkkragte van die sendinggenootskappe. Sonder sendelinge kon die taak nie aangepak word nie en die afwesigheid van n opleidingsentrum waaruit die kerk kon put was nie bydraend nie. In 1847 is die eerste Sinodale Sendingskommissie in die lewe geroep en hierdie kommissie het hom daarop toegelê om sendelinge te werf. ‘n Ander werkkrag vir wie die kerk sedert 1824 geleenthede geskep het was godsdiensonderwysers. Baie jare lank het godsdienonderwysers ‘n kardinale rol gespeel in Binnelandse Sending. Van hierdie manne het met soveel welslae gewerk dat sommige later georden is en die grondlêers was van meer as een gemeente (Kriel 1981: 22). Die getal geordende manne het in die sesde en sewende dekades van negentiende eeu so sterk aangegroei dat daar in ses jaar negentien sendelinge georden is o.a. eerw. Dirk Jan Hendrik Ruytenbeek in 1858. Hierdie eerw. was bestem om die eerste moderator van die Sendingkerk te word.

Weens 'n groot te kort aan arbeiders in die Moederkerk is Dr. Roberston deur die Sinode van 1857 afgevaardig om in Holland en Skotland evangeliebedienaars te gaan soek; die opgerigte kweekskool te Stellenbosch kon nie eers in die behoefte van die Moederkerk voorsien nie.

Die sinodale besluit was “gestuur” deur die sending wese in die binneland en dat die stigting van n afsonderlike kerk eerlik bedink moet word. Daar is reeds op gewys dat die Binnelandse Sendingkommissie wat gestig is 1873 sou fokus op die Kaapkolonie en nougeset die sendingwerk behartig in oorleg met Kerkbesture en Sendinginspekteurs.

---

[6] Die Londense Sendinggenootskap 1799, die Wesleyaanse Sendinggenootskap 1816, die Glasgowse Sendinggenootskap 1820, die Paryse Sendinggenootskap 1829, die Rynse Sendinggenootskap 1829, die Berlynse Sendinggenootskap 1824.

Die kommissie bestaan uit: di. W. Murray (voorsitter), C.F.J. Müller, P.J.G. Vos en J.H. Neethling wat die rapport aan die Sinode van 1880 sou voorlê. Van die bevindings van die ondersoek was soos die van gemeente Elandskloof wat ongeveer 1000 siele aan wie die evangelie verkondig word en van wie daar reeds 70 lidmate en 105 kinders die dagskool besoek.

‘n Tydelike kommissie is op hierdie vergadering benoem nl. die *Commissie over de Zending* wat aangestel was om die Sinode met advies te voorsien oor die verslag en besluite wat moet volg.[7] Dit het die baie belangrike beskrywingspunt van dr. S Hofmeyr, predikant van Montagu ingesluit. Dit het gelui: *De Synode overwege de wenschlikheid om de Zendinggemeenten onzer Kerk langsamerhand tot een lichaam te organiseren en neme daartoe de vereiste maatregelen.* [8] In 1876 verwek die Here n geloofsonderneming in dr. Andrew Murray, predikant van Wellington, om ‘n Opleidingskool vir sendelinge in Wellington te stig. Dit sou later die Sendinginstituut genoem word. Die begin van die Sendinginstituut vir die opleiding van sendelinge dagteken egter van die koms van die eerste dosent, ds. Ferguson, op 1 Oktober 1877.

In ‘n brief aan die De Christen 15 Maart 1880 maak die skryfer van die brief, J.C.P. van Wellington, die volgende aanmerkings oor die toestand en toekoms van binnelandse sending. Eerstens merk die persoon/broeder op dat een van die kern probleme is dat daar nie ondersteuning is vir die Sendelinge in die veld nie. *Dat die positie onbijbelsch is, leert ons het Boek der handelingen en dat deze toetstand schadelijk moet werken verstaat ieder die kerkelijk gevoel en begrip heeft.*[9] Hy skryf tog dat deur God se genade daar n hele aantal Sendinggemeentes bestaan; as ‘namaaksel’ van die blanke gemeente, maar tog met ietwat andersheid. Hierdie andersheid noem hy ‘n vorm van Indepentisme. Dit is nie negatiewe eienskap nie, maar daar moet tog een kerk wees wat deur een kerkorde bestuur word. Oor die toekoms vra hierdie skrywe ‘n belangrike vraag: moet hierdie gemeente by die moederkerk ingelyf word of moet daar n eie afhanklike ‘Inboorlingkerk’ gestig word.

---

[7] Acta Synodi NG Kerk 1880, Bylae “De Zending”,p.2 punt 6
[8] Acta Synodi NG Kerk 1880, p.10
[9] De Christen 1880, p108

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

Die Redakteur reageer eerstens op hierdie vraag deur te verwys na die opdrag van die Sendingkommissie wie hulle verslag aan die eerskomende sinode moet gee aangaande die toestand van binnelandse sending. Tweedens verklaar die Redakteur dat om die Sendinggemeente in te lyf by die moedergemeente nie n toepaslike antwoord is nie.

Hy merk sagkens dat *onse Kerk is er nog niet rijp voor*[9]. Met betrekking tot die stigting van 'n 'Inboorlingkerk' sien hy geen rede waarom die Sinode nie toestemming sou gee nie.
By die drie-en-twintigste sitting Donderdag die 11 November 1880 gaan die vergadering oor tot diskussie oor die stigting van een afsonderlike Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk. Die grote meerderheid verklaar ten gunste van so n stigting. Dit was Vrydag 12 November 1880 toe die besluit, van soveel historiese betekenis, geneem is. Tien dae later is die voorgestelde konstitusie aangeneem; dit het is ook die finale vorm in die Wetboek van die Moederkerk opgeneem. Die sinode het bepaal dat al die sendinggemeentes wat reeds deur die Moederkerk en haar Binnelandse Sendingkommissie gestig is of daarmee in verband staan, die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk sal vorm (Kriel 1981: 28).

Op die historiese dag van 5 Oktober 1881 het die afgevaardigdes in die ou Sendingkerk aan die bopunt van Kerkstraat, Wellington, byeengekom. Die plegtige opening is deur ds. J.H. Neethling, sekretaris van die Binnelandse Sendingkommissie, waargeneem. Hy het uit Gesang 93 as lofsang laat sing, wat as eerste vers soos volg lui:

Lieve Jezus! Zie ons saam
Hier op uw bevel vergadert,
Waar ons hart in uwen Naam
Dankbaar tot den Vader nadert.
Och! Wees zelf nu in ons midden,
By ons danken, by ons bidden.

## 1.3 Outobiografiese oorsig

Op 31 Januarie 1940 word Verner Ivor Steenbok as een van vyf kinders te Britstown gebore. Sy vader is vroeg oorlede en sy moeder moes alleen sy verdere opvoeding behartig. Op Britstown was hy bekend as Ivor, sy tweede naam. Na voltooiing van laerskool, het hy by die poskantoor op Britstown as briewebesteller begin werk. So het hy bekend geword by almal op Britstown. Hy studeer verder vanweë sy droom vir predikantskap en voltooi sy hoërskoolopleiding aan die Hoërskool Spandau te Graaff-Reinet.

Na sy teologiese opleiding word hy in 1964 gelegitimeer. Hy sit sy studies voort en verwerf die BTH graad aan die Universiteit van Suid-Afrika. As student was hy 'n gewilde persoon en het hom onderskei op Britstown se tennisbane. Wellington se mense was lief vir hierdie man (Marks 1993:16).

In 1967 tree hy met Mej. Corrie Klein (jongedogter en onderwyseres van Britstown) die in huwelik. Uit dié huwelik word drie seuns gebore; Vernon, Marshall en Arthur-Ashé. Hierdie gesin is in egtheid gebonde.

Ds. Steenbok bedien die gemeentes Woodstock, Vosburg, die Slot (Grassy Park). Kraaifontein en Durbanville(Marks 1993:16). Gedurende die laaste jare het sy gesondheid drasties afgeneem en het hy onder baie moeilike omstandighede sy taak as vader en bedienaar verrig. Die oggend van 3 April 1993 is hy in die hospitaal Karl Bremer oorlede. Op 10 April 1993 is hy te Wellington begrawe en die prediking is gelei deur klasmaat Ds. Jan Mettler van Mitchells Plain. Huldeblyke is deur ds Sakkie Mentor van Rondebosch sowel as mnr Paul Jordaan.

Ds. Verner Ivor Steenbok, my vader, het onder baie moeilike omstandighede kind en dienaar van die Here gebly. Sy dood is vir ons as huisgesin en vir my as die jongste seun verpletterend...

Met skryf van die Skripsie en verkryging van my legitimasie as bedienaar van God se Woord beoog ek soos elke jong seun om my pa se trots te wen.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

# 2. Definisie en navorsing oor term 'Gereformeerd' wees en kerkwees in 20e eeu in SA.

## 2.1 *Reformatio*

Die woord *reformatio* was gebruik in die politieke, kulturele en kerklike konteks/sfere in die 15 en 16 eeu. In histories-kerklike kringe beteken *reformatio* ook *renovatio* wat dualistiese betekenis het; as 'terug na die oorspronklike' en 'n 'nuwe begin'. Martin Luther gebruik nie die term soveel nie, maar nie te min som dit sy program van *metanoia* op. *The restoration of ancient Christian truth by serious attention to the living word of the Bible* (Rahner 1975:1327). Die Reformasie was nie 'n eensydige gebeurtenis nie; dit was selfs nie net 'n religieuse produk nie. Daar was verskeie nie-teologiese faktore soos humanisme, politiek en ekonomie wat 'n bydrae gelewer het tot die vorm, oorsprong en toepassing. Die beweging was deel van 'n skuif in die Europese denke en ervaring wat alreeds teen 14 de eeu posgevat het. Die outeurs en protagoniste van die Reformasie se primêre doel was die herontdekking van die suiwer openbaring van die primitiewe Christendom. Die Woord van God onbesoedeld terwyl die Rooms Katolieke Kerk dit beskou het as 'n verwerping van die Christelike waarheid. Die Reformiste het dus gepoog om die ware evangelie aan Christene te verkondig in die gesig van afskuwelike deformasie. *In many ways they reasserted the ancient Catholic truth* (Rahner 1975:1327).

**2.2 'Ons weet aan wie ons behoort'**

Voordat Dr Coenie Burger in sy boek 'Ons weet aan wie ons behoort' kyk na die gereformeerdheid van die NG Kerk en wat dit werklik beteken om gereformeerd te wees, vra hy 'n paar kritiese vrae. Hierdie vrae is eindelik algemeen en word deur gelowiges en nie-gelowiges gevra-kyk veral na die Afrikaanse dagblaaie.

Die vrae is soos volg:

- Hoe ver staan ons in ons gereformeerde tradisie?
- Wat beteken dit om gereformeerd te wees werklik?
- Daar is selfs mense wat vra: Was die NG Kerk ooit regtig n gereformeerde kerk?
- Hoe ernstig is ons oor hierdie tradisie?
- Belangrik: Wil ons in die toekoms steeds n gereformeerde kerk wees?

John Hesselink, een van die betroubare gereformeerde gidse van ons tyd , het in 1983 n uitstekende boek geskryf met die titel *On Being Reformed: Distinctive characteristics and common misunderstandings*. In die boek gaan kyk hy spesifiek na twaalf algemene misverstande wat mense het oor wat gereformeerdes werklik glo en leer. Ek noem die misverstande en Dr Burger se kritiese vertrekpunt voordat gekyk word na wat dit werklik beteken om gereformeerd te wees.

Volgens Hesselink:

- Dat die leerstuk van die uitverkiesing uniek aan die gereformeerde tradisie is. Die gereformeerde tradisie is baie seergemaak deur 'n eensydige en verkeerde verstaan van die verkiesingsleer. Dit was nooit Calvyn se gedagte nie. Hy het oor die uitverkiesing gepraat om gelowiges te troos en hulle sekerheid te versterk; ons geloof en toekoms berus nie op ons wispelturige keuses nie, maar op die Here se liefde en genade.

- Dat die gereformeerde geloof 'n negatiewe, wettiese benadering tot die Christelike lewe bevorder. Calvyn sê die ordelikheid en gehoorsaamheid is nie 'n uiterlike saak nie; maar iets wat voortvloei uit innerlike wedergeboorte.

- Dat die leerstuk van die mens se totale verdorwenheid (sondigheid) beteken dat die mens waardeloos en tot niks goeds in staat is nie. Calvyn se gedagte was nooit om te verklaar dat die mense heeltemal niks kan doen of totaal sleg is nie- elemente en wonderlike gawes het in mense oorgebly het ten spyte van die sondeval.

- Oorspronklike gedagte met die belydenisskrifte was, juis om die aandag op die Woord te vestig en mense te help om die Woord reg te verstaan.

- Dat die woord 'gereformeerd' net verwys na kerke wat spesifiek die naam dra, en dat dié kerke meesal van Nederlandse afkoms is. Gereformeerdheid vind ons ook in ander kerke soos die van die Presbiteriaanse kerke asook die Kongregasionaliste.

- Dat die gereformeerde kerke altyd 'n presbiteriale kerkregeringstelsel het- Calvyn het geen probleem gehad met die gedagte van biskoplike amp nie, maar het net die ouderlingamp as belangrik beskou.

- Dat gereformeerde kerke nie veel aandag gee aan liturgie en erediens nie. Dit is duidelik wanneer ons kyk na die verskillende tipe eredienste hier in Pretoria hoe daar meer aandag gegee word aan liturgiese vernuwing.

- Dat gereformeerde tradisie oormatig rasioneel en skools van benadering is. Dit is kerklik een van die grootste probleme waarmee die gereformeerde tradisie vandag sit. Vanweë die humanistiese beweging het daar teen menslike ervaring en emosie 'n reaksie van verintellektualisering in die gereformeerde tradisie plaasgevind.

- Dat die konsep van verbond mense verlei tot 'n valse trots en gevoel van meerderwaardigheid. Hier kan gekyk word na die NG Kerk se rol in apartheid omdat die verbondsteologie verkondig was. Dat gereformeerdes 'n sterk bydrae tot hierdie ontwikkeling gelewer het, is welbekend (Boesak 1998:173).

- Oor die dekades heen is in die volksbewussyn of –psige van wit Afrikaners die idée gekweek dat rasseverskeidenheid 'n Goddelike lewens- of skeppingsordening is. Die gereformeerde pilaar van 'geloof alleen' as toelating tot die kerk, is deur 'ras' vervang. Prof Willa Boesak skryf dat uiteindelik sou die Afrikaners se opvatting van hul roeping uitloop op die kweek van 'n nuwe, wit ras in 'donker' Afrika as 'n 'baken van Westerse Christelike beskawing'

- Dat gereformeerdes net in die redding van siele geïnteresseerd is en nie veel omgee vir wat in die openbare lewe aangaan-hierdie misverstand raak weer eens net sekere groeperinge binne die gereformeerde tradisie. Dit is dus duidelik dat daar 'n redelike aantal gereformeerde kerke is wat sterk beïnvloed is deur die Duitse en Nederlandse Piëtisme en dit is veral by hulle dat 'n mens soms hierdie eensydige klem op sending en evangelisasie vind ten koste van sosiale en openbare verantwoordelikheid (Burger 2001:35).

- Dat die werk van die Heilige Gees geïgnoreer of onderskat word in die gereformeerde tradisie. Snaaks genoeg word Calvyn soms die 'teoloog van die Heilige Gees' genoem omdat die Heilige Gees vir hom van kardinale belang was.

- Dat gereformeerdes meesal anti-ekumenies is en geneig is tot kerkskeuring. Geskiedenis is soos n mosaïek-verweefd om 'n mooi beeld te vorm. Ons is wel verdeeld, maar vorm deel van die een liggaam van Jesus Christus.

Hierbo het ons geworstel met die negatiewe sieninge en perspektiewe van die gereformeerde tradisie. Volgende 'n uiteensetting met behulp van Dr Burger se 'Ons weet aan wie ons behoort' oor hoe lyk die werklike teologie van die NG Kerk deur te kyk na die werklike sin van gereformeerd wees.

- Tradisie wat soek om God in alles sentraal te stel. Dr Burger skryf dat hy besef dat die gereformeerde tradisie 'n diep Bybelse en geestelike basis het. Die begin en einde van hierdie tradisie gaan oor 'n soeke na die aangesig van

die lewende God. Tussen al die kritiek wat die NG Kerk ontvang is die kerk beslis gebind aan Soli Deo Gloria.

- ‘n Diep verbintenis aan die eenheid van die kerk. Die eenheid van die kerk was werklik n diepe patos by Calvyn. Meer as enigiemand anders het hy in sy tyd baie moeite gedoen om die Reformatore in gesprek met mekaar te hou. So, bv, het hy vir Luther en Zwingli by mekaar uitgebring om te praat oor hulle verskille rakende die sakramente.

- ‘n Tradisie gebind aan die Bybelse geloof. Calvyn se hele bedoeling destyds was nie om die kerk in ‘n nuwe rigting te neem nie, maar juis om terug te keer na die wortels. Daarom het hy oor die Rooms Katolieke Kerk van sy tyd probeer heen gryp na die vroeë Christelike kerk en meer spesifiek die kerk van die Nuwe Testament. Hy het die ou Kerkvaders goed geken en het homself bo alles gesien as 'n Skrifteoloog wat maar net die Bybel vir sy tyd wou probeer verstaan en interpreteer. Ons sou dit ook kon so kon stel: Calvyn wou nie in die eerste plek Calvinisties of gereformeerd wees nie; hy wou in die eerste plek Bybels en Christelik wees in wat hy doen.

- ‘n Tradisie wat verskeidenheid kan hanteer. Op gemeentevlak was dit bv reg van die begin af so dat dinge in die gemeentes in Frankryk en Engeland nie presies op dieselfde manier gedoen is as in Genève nie. Dit is ‘n historiese feit dat gereformeerdheid altyd ‘n groter geskakeerdheid getoon het as die meeste ander tradisies. Daar is logiese redes voor: Die vinnige verspreiding van die kerk na verskillende streke het kontrole baie moeilik gemaak. Oral was daar plaaslike omstandighede en reëlings wat in aanmerking geneem moes word. Ons sal dus in hierdie gesprek moet rekening hou met die feit dat gereformeerdheid nooit ‘n monolitiese eenheid was nie.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

- In die reël versigtig vir nasionale of volkskerk. Vroeg in November 1997, toe talle kerke en ook ander geloofsgemeenskappe in die land laat weet het dat hulle die WVK se uitnodiging aanvaar om in Oos-Londen te getuig, het die Sinodale Kommissie opnuut oor die saak besin. Sonder 'n teenstem is toe goedgekeur dat die moderator wel die NG Kerk se verhaal moet gaan vertel (Meiring 2002: 95).

- Altyd gereed om te reformeer in nuwe situasies. Baie dikwels is die hele gereformeerde tradisie dan ook sommer met die kerkorde vereenselwig. Op die manier was die term 'gereformeerd' vereenvoudig tot 'n wisselterm vir 'tradisioneel' of 'konserwatief' geword. Dit is ongelukkig so dat baie vernuwingspogings in die kerk-gemeentelik en sinodaal-doodgewurg is in die naam van gereformeerdheid. Gereformeerdes was altyd gereed om in nuwe situasies met nuwe uitdaging ook nuut na die Woord te gaan kyk.

**2.3 Vaders van die Reformasie**

Teen 1541 in Regensburg het die Reformiste besef dat die eenheidsdroom met die Rooms Katolieke Kerk nie sou realiseer nie. Die taak was dus nou die skepping van 'n eie ekklessiologie wat getrou bly aan die eeu oue belydenisse en tot die idees wat die reformasie tot ontwikkeling gehad het. Calvyn was dit eens met Luther dat die tekens van die ware kerk van God, die verkondiging van die Woord en die korrekte administrasie van die sakramente is. Anders as Luther het Calvyn baie meer gefokus op die dissiplinêre aspek van die Christelike geloof. *He accepted Zwingli's test of faith and the Anabaptists test of life and added a sharing in the sacraments* (Kärkkäinen 2002: 50).

Calvyn het ook geglo dat daar skriftelike verwysings is ten opsigte van die bediening in die sigbare kerk; Luther was nie so legalisties nie en beskou die gedrag van die gelowige gelaat op sy gewete. Vir Calvyn is Christus die Koning van die kerk en dat alles sonder uitsondering gehoorsaam moet wees aan Hom. Christus is die eerste van ons almal en daarom moet ons ag slaan op Hom alleen en nie wat ander tevore gesê het nie.

Die Vader het Christus as ons Hoof en leier bestem.

Matt 17:5 “Terwyl hy nog praat, het ’n helderligte wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi, en ’n stem uit die wolk het gesê: “Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom.”[10]

Artikels 31, 31 en 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis het dit eksplisiet oor die regering van die kerk terwyl daar in artikels 27-29 ook elemente aangeraak word wat baie belangrik vir kerklike orde is. Die feit dat die Here Jesus die hoof van die kerk is, word op verskeie plekke in die gemelde artikels genoem. Artikel 27 praat van “Christus as ‘n ewige koning wat nie sonder onderdane kan wees nie”. Oor die feit dat Christus die kerk deur sy Woord regeer, is artikel 30 baie duidelik daaroor.

Aangesien die koninkryk van Christus nie in hierdie wêreld is nie, is die mag van die kerk prinsipieel te onderskei van die staat en vandaar die geestelike karakter. Die enigste mag in die kerk is dan ook eindelik die Woord van God. Aan hierdie mag moet die gelowige hom nie uit dwang nie, maar uit die geloof en die liefde gewilliglik onderwerp.
Nou is dit waar dat Christus die dienende Christus is; maar dit maak nie die ampsdraers soewerein nie. Inteendeel is hulle ook aan Christus, dit is die Woord, onderdanig. Die amp in die kerk is dus altyd 'n dienende amp; soos die kerk altyd in diens staan van die wêreld.

Vir Calvyn is die kerk primêr die sigbare gemeenskap. *One motif that helped Calvin to stress the visible side of the church was his growing emphasis on the public appropriation of the sacraments, especially of baptism* (Kärkkäinen 2002: 50). Dit was in hierdie konteks dat Calvyn die konsep ‘sigbare kerk’ in ‘n positiewe lig gebruik het; hy beskryf die kerk as die moeder van die gelowiges waar hergeboorte en verlossing geskied.

[10] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, (Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika) 1983.

Luther se beskouing oor die sigbare en onsigbare kerk bied aan ons n derde sleutel tot sy siening oor die verhouding tussen kerk en reg en die gevolge daarvan. Volgens Luthers is die kerk dus die ryk van Christus *Regnum Dei Ecclesia Christi* (Coertzen 1991: 7). In hierdie ryk, dit wil sê die kerk, word die mense deur die Heilige Gees geroep, versamel, verlig en in die regte geloof geheilig en gehou. Weens die werking van die Heilige Gees heet die kerk *ecclesia spiritualis*. Dit beteken dat alles in die ware kerk geestelik is, die regering wat in die kerk uitgeoefen word is geestelik en die kerkvolk is geestelik. Die gevolg is dat geen geografiese, persoonlike of apostoliese duiding vir die ware kerk nodig was nie. Die ware kerk was eindelik die verborge kerk; die verborge kerk het ook 'n sigbare aardse kant (*facies ecclesiae*) wat werklikheid net sigbaar is vir geestelike gelowiges. Luther onderskei dus ‘n geestelike en liggaamlike kerk.

Calvyn en Luther word beskou as die argitekte van die Protestantse Reformasie; Karl Barth kan benoem word as die ‘kerklike pappa’ van die 20ste eeu; hy as die mees kreatiewe denker vir die moderne sfeer. Barth definieer die kerk as ‘n dinamiese entiteit en nie in statiese terme nie. Die terme gemeenskap en gemeente; m.a.w. die kerk is wanneer dit plaasvind. *Barth’s alternative is to begin with the doctrine of election and define true Christians, and hence members of the true church, as the men assembled in it who are thereto elected by the Lord* (Kärkkäinen 2002: 57).

Barth wys op twee foute van die verlede; die sakramentalisme van die Rooms Katolieke Kerk en die moralisme van die Anabaptiste. Eersgenoemde wat lei tot ‘n gevangenskap van die Gees en die laasgenoemde lei tot ‘n drang van foutlose oordeel oor wie ware Christene is. Karl Barth laat nie die Reformasie sonder loesing nie; hy beoordeel die beskouing van die sigbare en onsigbare kerk en vermaan dat die oordeel oorgelaat moet word aan God. Ons, as die kerk, moet fokus op die primêre funksie van die gemeenskap van gelowiges, die sendingtaak. David Bosch verklaar dat die Christendom in sy wese missionêr is. Die Christelike kerk wat dit nie so verstaan nie, ontken die rede vir sy bestaan. Die kerk is bevoorreg om deel te neem aan God se sending na die wêreld. Vanuit die hoek gesien is dit duidelik dat die totale bediening van die kerk missionêr moet wees. Dit is juis hoe Barth die gereformeerde gemeenskap van gelowige verstaan, as 'n sending gemeenskap.

### 2.4 Enkele elemente in gereformeerde vroomheid

### 2.4.1 Christus in Gereformeerde Tradisie

Die Gereformeerde siening van Christus hang ten nouste saam met die geskiedenis van die Calvinistiese tradisie van gehoorsaamheid en eer wat aan God verskuldig is. Tussen hierdie heilige en magtige God en die sondige en afhanklike mens is 'n Middelaar nodig (Smit 1988:188). Talle aspekte van die Christusgebeure wat elders, in ander tradisies, ‘n belangrike rol speel in die vorming van Christelike vroomheid, tree hier op die agtergrond. Voorbeelde hiervan is die inkarnasie, die lewe van Jesus, die wonderwerke, die epifanie, die wederkoms, ens. Die kruis en die opstanding word hier in die nouste verbondenheid aan mekaar gesien as die heilsgebeure (Smit 1988:188). Om deel te kry aan die Middelaar kom Calvyn se idee van mistieke vereniging met Christus. Hy deel Homself persoonlik aan Sy uitverkorenes mee en hulle word op ‘n geestelike wyse in Christus ingelyf. Dit noem ons die *unio mystica* tussen Christus en sy eiendom. Hierdie vereniging geskied langs die weg van die hoor en die korresponderende geloof en geloofsgehoorsaamheid. Heiligheid gaan nie om 'n nuwe kwaliteit wat die mens deelagtig word nie, maar om 'n geloofswandel wat van oomblik tot oomblik die vryspraak bewerk/verseker. In die Reformasie is geleer dat goeie werke , heiliging, nie die regverdiging aandui nie. In die leer *syllogismus praticus* keer die goeie werke nou nie terug nie; maar op egtheid van geloof as die saligmakende geloof. Eers as n mens seker is van die egtheid van jou geloof, kom die beloftes van die evangelie, beloftes soos heiligheid.

Gal 2:20 “en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.” Die *unio mystica* kom deur die Heilige Gees tot stand. Die Gees is sowel die Gees van aanneming tot kinders, as die Gees wat heilig en reinig. Waar Christus nou die Gees verwerf het, daar deel Hy Hom ook uit, woon Hy deur Hom in die gemeente en heilig Hy deur Hom sy volk.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

### 2.4.2 Die Bybel

Die Skrif en lering wat dikwels ‘n soort intellektuele karakter verleen het, maar waarin die uitleg van die wet van God en gevolglik die navolging en gehoorsaamheid, insluitend die getrouheid in die alledaagse roeping 'n belangrike rol inneem in die gereformeerde.

### 2.4.3 Die Dagsiklus

Die dagsiklus het ‘n belangrike rol veral in die beoefening van sogenaamde stiltetyd. Tafelgebede en huisgodsdiens word almal in die Calvinistiese tradisie kardinaal beskou. Die jaarsiklus word van minder belang beskou.

### 2.4.4 Kerkgang

In die gemeenteverband draai die lewe van die gemeente rondom gemeentelike eredienste, die plek van onderlinge sielsorg en liefdesbetoning. Die kerkgang draai primêr rondom die hoor van die Woord en nie om die sakramentele of mistieke belewenis van onuitspreekbare godservaringe nie.

### 2.4.5 Familieverband

Sowel die familieverband ten opsigte van die rol van huisgodsdiens, kinderdoop, kategese, alledaagse roeping, belang van gelowige ouerskap as verteenwoordigers van God is ook ‘n kern in hierdie tradisie.

# 3. 1960-1976

## 3.1 Kerkhistories

### 3.1.1 Nasionalisme en Sharpville

Die jaar 1960 was vir Afrika sowel as vir Suid-Afrika in baie opsigte ‘n krisisjaar-die vryheidsdrang wat Afrikastate in die jare vyftig beetgepak het, het daartoe gelei dat sestien van hulle in 1960 onafhanklikheid verkry het. In sommige gevalle het nuut verkreë vryheid rampspoedige gevolge gehad. Die vryheidsdrang het ook na SA oorgespoel en Nie-Blanke-politieke organisasies het 1963 as ‘vryheidsjaar’ vir SA beoog. Hier het die vryheidsbewegings dieselfde patroon as in ander Afrikastate gevolg en van alle werklike en vermeende griewe van die Nie-Blankes gebruik gemaak om hulle tot opstand teen die Blanke-bewind aan te hits. Die gemoedere het hoog geloop en slegs ‘n klein vonkie kon ‘n groot vuur laat ontvlam. Die twee vernaamste Swart politieke organisasies in SA, nl. Die African National Congress en die Pan African Congress wat in ‘n wedloop gewikkel was om die steun van hul eie mense te verkry, het albei in 1959 met ‘n ‘anti-pas-veldtog’ begin. Die hoogtepunt van die African National Congress se veldtog was beplan vir 31 Maart, 15 April, 31 Mei en 26 Junie 1960 en die Swart bevolking is aangemoedig om na 31 Maart nie meer bewysboeke te dra nie. Met behulp van die ‘Bishop’s Committee’ is optogte gehou en pamflette versprei waarin die afskaffing van die bewysboekstelsel geëis en instromingsbeheer veroordeel is (Lombard 1981:191). In die meeste gevalle het die optogte vreedsaam verloop behalwe in die gevalle van Sharpville, naby Vereeniging. Die polisie en die historiese boeke sê dat die polisie genoodsaak was om hulle te verdedig en ongeveer 180 mense is beseer…nagenoeg 70 persent van die ingangswonde aan die rugkant (Lückhoff 1978:2). Na die tragiese onluste by Sharpville; kondig die staat ‘n noodtoestand aan.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

Die sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal wat tydens die onluste, op Potchefstroom in sitting was, het verskeie besluite in verband daarmee geneem (Lombard 1981: 193). Die Sinode het met kommer hom uitgespreek oor die tragiese wending van optogte. Die Moderatuur van die Ned. Geref. Sendingkerk in Suid-Afrika het op 30 Maart 1960 verklaar dat die betoging en die onrus tekens is van 'n sondige wêreld. Die kerk word tot gebed en verootmoediging voor die Here, die God van vrede, orde en liefde en tot voorbidding om die spoedige herstel van rus en orde opgeroep. Voorbidding is gevra vir die 'onskuldige slagoffers van die omstandighede wat nie deur hulle bewerk is nie', sowel as vir die owerheid en die leiers van al die seksies van die bevolking[11] (Lombard 1981: 194).

**3.1.2 Cottesloe-beraad: 7-14 Desember 1960**

'n Dringende kerkberaad onder leiding van die Wêreldraad van Kerke in die Cottesloe-koshuis van die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg gehou. Die Kaaplandse en Transvaalse NG Kerke en die Nederduitse Hervormde Kerk(NHK) was destyds nog lid van die WRK en sterk afvaardiging van die kerke het die beraad bygewoon. Daar was tagtig verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse lidkerke teenwoordig. Van hulle was een en sestig Blankes, sestien Swart persone em drie Kleurlinge. Van die Wêreldraad van Kerke was daar ses afgevaardigdes en eerw. A W Blaxall, sekretaris van die Christenraad van Suid-Afrika, was as waarnemer teenwoordig (Lombard 1981: 213).

Die agenda vir Cottesloe vergadering was soos volg:

- Die realiteit van die situasie in SA
- Wat is die Christelike verstaan oor rasseverhoudings
- Die verstaan van kontemporêre historiese Christendom
- Die noodtoestand situasie in SA
- 'The witness of the church in respect to justice, mission and cooperation ( Strassberger 1971:354)

[11] Die Burger, 30 Maart 1960

Die Cottesloe-verklaring het ‘n groot storm in Afrikanergeledere laat losbars en 'n hewige polemiek in die dagblaaie en kerklike pers tot gevolg gehad. Die verskillende Sinodes van die NGK het in die loop van 1961 een en almal die besluite van Cotteloe verwerp. Die Sinodes van Kaapland en Transvaal het onder meer ‘met nadruk verklaar dat die beleid van differensiasie Skriftuurlik gegrond is, die enigste realistiese oplossing vir die probleme van rasseverhoudinge in ons land aanbied en daarom die belange van alle bevolkinsgroepe die beste dien’ (vgl Gaum 1981:50).

Van die besluite handel oor die roeping van die kerk om die hoop in Christus te getuig. In die maatskappy moet die kerk vreesloos van sy Christelike beginsels getuig. Die natuurlike verskeidenheid van die menslike geslag word nie deur die eenheid van die liggaam van Christus opgehef nie, maar geheilig. Die eenheid moet egter deur gemeenskaplike aanbidding en getuienis tot uiting kom. Niemand wat in Christus glo, mag op grond van ras of kleur uit enige kerk uitgesluit word nie. Dat die NHK die besluit van Cottesloe verwerp het, was soos aangedui, volkome in lyn met die NHK se begrip van wat die wese en taak van die kerk is (Buitendag 1980:41). Die Eerste Minister, H F Verwoerd, het sterk teen die besluite van Cottesloe gereageer en beweer dat enige multi-kulturele samelewing sal die blanke van sy reg ontneem.

In Handelinge van die Transvaalse NG Sinode word ses en veertig kerkrade wat hulle teen die besluite van Cottesloe en die WRK uitgespreek het, by die naam genoem. In die Handelinge van die Kaapse Sinode is,benewens die beskrywingspunte van in aantal predikante teen Cottesloe, ook beskrywingspunte van die kerkrade van Tiervlei-Oos, Bellville, Stella, Ysterplaat en Citrusdal opgeneem. Laasgenoemde kerkraad het 'n ernstige beroep op die Moderatuur en Sinode gedoen om uit die WRK te tree omdat die raad ongenooid sy rassebeleid aan Suid-Afrika wil afdwing.

Vanaf die WRK is gereageer dat die besluite wat geneem was by die beraad nie op grond van tradisie of eiebelang gekritiseer en verwerp moes word nie; maar dit in die lig van God se woord teologies beoordeel moet word. Die besluit was ook nie die van WRK nie; maar die van die Suid-Afrikaanse kerkleiers en die aandeel van die WRK was slegs om die kerkleiers bymekaar te bring.

Die besluite en die teen reaksie het ‘n positiewe uitwerking gehad op Christene in Suid-Afrika; *the fact remains that this witness and the attitude which the World Council has taken with regard to race-ralations has encouraged many, very particularly among the non-white Christians, who had begun to feel hopeless about the role of the Christian Church* (Ecumenical Review 1961:517).

‘n Emeritus-leraar wat onder die skuilnaam ‘Myns Insiens’ skryf, was van mening dat die besluite by Cottesloe glad nie in stryd is met die beleid van die NG Kerke nie. Inteendeel is dit slegs 'n samevatting van al die besluite wat deur sinodes en konferensies oor 'n tydperk van baie jare geneem is. Die enigste verskil is dat vroeëre besluite geïsoleerd was en dus geen noemenswaardige reaksie uitgelok het nie. Noudat al daardie besluite gekonsolideer is; gaan die publiek se oë oop vir die konsekwensies daarvan en deins hulle daarvoor terug (Lombard 1981: 225). Die vraag is of die NG Kerk bereid is dat dit op die skrif gegrond is en of hy gaan terugkrabbel.

Die Algemene Sinodale Kommissie van die Transvaalse NG Kerk wat op 2 Maart 1961 vergader het, het daarop gewys dat die NG kerke in geen opsig vir die besluite van die Cottesloe-beraad verantwoordelik gehou kan word nie. Uit die beleid van die NG Kerke blyk dat die Kerke hulle nog nooit ten gunste van 'n gemengde huwelike uitgespreek het nie, dat hulle in beginsel van afsonderlike kerklike inrigtings vir die verskillende etniese groepe sedert 1857 gehandhaaf het en ‘n beleid van differensiasie of afsonderlike ontwikkeling nog altyd voor gestaan het. ‘n *Ad hoc*-kommissie is ook onder die voorsitterskap van ds. J F du Toit van Suidoos-Pretoria benoem om vir die Sinode wat in April 1961 sou vergader, 'n verslag oor die meriete van die Cottesloe-beraad en die voortsetting van die lidmaatskap van die WRK op te stel.

By die sinode het die verslag van hierdie kommissie as ‘n basis gedien vir die bespreking. In die eerste punt op die NG sinode is die besluit oor Cottesloe se bevindinge een van verwerping. In die sesde punt van besluite ‘in die geheel gesien’ afgekeur (Lombard 1981: 232).

Die wyse waarop die landsbeleid beoordeel is, is ten sterkste afgekeur. Die rede hiervoor is dat Suid-Afrika in die brandpunt was van vyandige aanvalle en so ‘n negatiewe siening sou net die taak van verdediging deur die owerhede in 'n verleentheid stel.

Die Sinode herbevestig dat dit 'n deel van die taak van die kerk is om die hoogste belange van die Nie-Blanke te bevorder en is oortuig dat dit die beste langs die weg van differensiasie kan geskied (Lombard 1981: 233).

Volgens prof Willie Jonker in sy boek ‘Selfs die kerk kan verander’ was die NG Kerk na die Cottesloe-beraad bereid om op ‘n gematigde wyse oor ons land se probleme te oordeel.

In 1968 is die naam van die Christenraad van Suid-Afrika wat in 1936 gestig is verander na die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Daar was hernude pogings om die NG Kerk by die Raad te betrek; maar die Raad was deur agterdog bejeën deur Afrikaanssprekendes. Die program van die WRK sedert 1970 was om rassisme te bestry deur daadwerklike steun aan terroriste-organisasie in Suiderlike Afrika te verleen, is deur politieke leiers in Suid-Afrika sowel as leraars van die Ned. Geref. Kerke veroordeel en 'n beroep is op die Engelse Kerke gedoen om hulle van die organisasie te distansieer (Lombard 1981: 243). Engelse kerkleiers het hulle daarenteen verenig in hul verset dat die politieke druk op hulle uitgeoefen word om hulle van die WRK te onttrek nie.

Die grootste uitwerking van die Cottesloe-beraad was dat daar selfs in die NG Kerke opnuut weer oor die Christelike boodskap, ten opsigte van rasseverhoudings, besin was.

Die Kind
 wat doodgeskiet is deur die soldate by Nyanga

Deur Ingrid Jonker Maart 1960[12]

Die kind is nie dood nie
die kind lig sy vuiste teen sy moeder
wat in Afrika skreeu    skreeu die geur
van vryheid en heide
in die lokasies van die omsingelde hart

Die kind lig sy vuiste teen sy vader
in die optog van die generasies
wat Afrika skreeu    skreeu die geur
van geregtigheid en bloed
in die strate van sy gewapende trots

Die kind is nie dood nie
nòg by Langa nòg by Nyanga
nòg by Orlando nòg by Sharpeville
nòg by die polisiestasie in Philippi
waar hy lê met 'n koeël deur sy kop

Die kind is die skaduwee van die soldate
op wag met gewere sarasene en knuppels
die kind is teenwoordig by alle vergaderings en wetgewings
die kind loer deur die vensters van huise en in die harte
  van moeders
die kind wat net wou speel in die son by Nyanga is orals
die kind wat 'n man geword het trek deur die ganse Afrika
die kind wat 'n reus geword het reis deur die hele wêreld

Sonder 'n pas

---

[12] Met vergunning van Human & Rousseau

## 3.2 Kerkwees, Gereformeerd wees, Spiritualiteit

### 3.2.1 Die student in die Bediening

Op 2 Februarie 1929 is die eerste leraarsklas op Wellington geopen met net twee studente, A. D. Andries en P. Solomon, die twee evangeliste. Gee 'n nuwe student het die volgende jaar opgedaag nie en twee jaar het verloop voordat daar in Februarie 1948 weer 'n teologiese klas gevorm kon word. Eerw J. M. N. Breedt het met die aanvang van die tweede semester in 1951 sy werk begin by die inrigting te Wellington. Op sy vergadering van 24 Augustus 1951 het die kuratorium hierdie waardige en gerespekteerde dienskneg van die Here verwelkom (Kriel 1981: 32).Hy was 'n sendeling by uitnemendheid, toegewyde pastor en 'n boeiende prediker en wat die Sendingkerk as vir 22 jaar lei as moderator. Voor die begin van die semester het eerw Breedt in oorleg met sy deeltydse kollegas die aanbieding van die teologiese kursus deeglik organiseer. Hy het dosering in dogmatiek, kerkreg en praktiese teologie vir tien periodes per week as sy verantwoordelikheid aanvaar (Kriel 1970:32).

Die onsekerheid oor die toekoms van die inrigting, of dit op Worcester of Wellington sou wees, het stremmend op die personeel en studente ingewerk; in daardie stadium was daar geen sprake van ‘n mandaat om doelgerig in hierdie opsig te beplan nie. Aan die einde van 1951 is daar besluit dat dit totaal onprakties sou wees om die inrigting te verskuif na Worcester; in die geval sou daar minstens twee bykomende voltydse dosente beroep moes word as die verskuiwing plaasvind. Die studentetal het begin groei, maar die klasse was nog steeds deur die welwillendheid van die kerkraad, in die konsistorie van die Sendingkerk gehou. En juis dit was die oorsprong van die dispuut ook plek van opleiding. Met al die feite tot sy beskikking besluit die Kuratorium op 13 Maart 1953 dat Wellington die aangewese plek is van opleiding en op dieselfde dag is die gebou op die hoek van Voor-en Markstraat vir die doel aangekoop. Die gebou het bestaan uit ‘n ruim klaskamer, biblioteek, woning vir huisouers, slaapkamers vir studente met toiletgeriewe,ens (Kriel 1970:82).

Met die toename in die studentetal en die besluit van die Kuratorium om ‘n admissiekursus intern aan te bied, het die inrigting se geriewe onvoldoende geraak. 'n

Sierlike ruim gebou wat aan alle vereistes voldoen, is op 'n plegtige wyse met groot belangstelling op Saterdag 23 Augustus 1958 ingewy.

In 1958 het die totstandkoming van die Universiteitskollege Wes-Kaapland 'n voldonge feit geword (Kriel 1970 :83). Die Kuratorium het besluit om die inskakeling van die Teologiese Skool by die Universiteit te oorweeg want van groot belang was dat die Admissiekursus nog steeds gedoseer was deur dosente by die inrigting. Op 8 November 1961 het die sinode van die Moederkerk besluit om die Teologiese Skool na die kampus van die Universiteit te verskuif. 'n Bouperseel is uiteindelik op die terrein van die Universiteitskollege gevind en op Vrydag 8 Maart 1963 is die gebou van die nuwe Teologiese Skool op Bellville deur die Kuratorium goedgekeur.

Die einde van Wellington 1964 het die begin ingelei van iets nuut in Bellville; dit was 'n vreemde en tog uitdagende nuwe pad vir dosente en studente. Op 20 Maart 1965, voor 'n groot skare belangstellendes uit die Moeder- en die Sendingkerk, is die derde gebou aan die diens van God ingewy. Met die opening van die akademiese jaar in 1973 is die Teologiese Skool amptelike verklaar as ‘n fakulteit (Kriel 1970:85).

Die volgende studente was tot die bediening van die Woord toegelaat en as proponente beroepbaar gestel 1932-1978:

1932: A D Andries en P Solomon
1946: A Ontong en J Prinz
1950: P L Krieling, J G Smith en I J Theron
1951: J E Plaatjies
1952: W M Steenkamp
1953: J J Abrahams en I J B Mentor
1956: J F C Booysen en P L Jasper

1957: J J le Fleur en G P L Jekels

1958: C J J Amon

1960: N A Apollis, A De Vries en J P Koerkop

1961: J Apollis, C G Gordon, C A Nell en E F Reyneveld

1962: D Bantom, H M Beets, E D J Jacobs, E M Marks en I Smouse

1963: C F April, C G Cornelissen, A G Grant, J D Krieger, J J Mettler en C A Meyer

1964: F A Arendse,F W Jacobs, C C Kannemeyer, C J Loff, F Louw, C J Pietersen en **V I Steenbok(26 November 1964)**

1965: R T G Boesak, B Farao, J S Paulsen en S G Pick

1966: J C Adonis, A A Boer, K P Botman en A D Stevens

1967; E J Apies, A M Arendse A A Boesak, G D Cloete, J J du Plessis, A J Louw, W J Peters en J S Rooy

1968: P J Booys, M G Bosch, J Cupido, F C Pedro en G J A van Zyl

1969: I R J C April, R D Balie, B J Lemboe en A Phillips

1970: S P Abrahams, G Atkins, D de Vries, E B Faure, S D A Gideon, L H A Golding, A C Goliath, J N M Hartney, E E Leeuw, J F Mouton, J P Struass, J M van Rooyen en A J van Wyk

1971: M A W Arendse, J W F Minnaar, A M G Stander, P J de P Strauss, A A Titus, H J van Schalkwyk, P J J Williams en S J Williams

1972: V E Cloete, W J Daniels, V R Jansen, F P Matthee, D A Nel en J R Smith

1973: M F Balie, H F Dwyer, J G Smith en W A Ventura

1974: S A Davies, S J Isaks, R A Jansen, T C Phillips en J Witbooi

1975: C E Esterhuyse, D F Jacobs, P J Pietersen en R J Stevens

1976: S Christians, T J Fredericks en J M Phillips

1977: B V Apollis, W A Boesak, P S Gelderbloem, N F Jacobs, W J Mackay, J Thyse en A B van Wyk

1978: N A Botha, J D Buys, D P Carelse, C J Smith en H J Visser. (Kriel 1970:176-17)

### 3.2.2 Gesin in die bediening

In 1967 Maart word my Pa as leraar van Vosburg bevestig. 'n Baie klein dorpie tussen Britstown en Prieska in die Karoo met slegs een winkel, een motorhawe, een kafee, 'n klein hospitaaltjie, geen dokters, een skool, een kerk, geen spoorweë. Dokters van Britstown, Prieska en Victoria-Wes het beurte gehad om die dorpie te besoek. Net ‘n sekere getal siekes was gehelp en ander moes maar wag tot die volgende weeksbesoek. Intussen moes my ouers en inwoners maar van die suster en verpleegster se dienste gebruik maak. My vader was die eerste ‘Kleurling’ leraar in Vosburg( volg wyle ds Smith op) en die gemeente ressorteer onder die Blanke Moedergemeente. Hierdie Gemeente van Vosburg was baie behoeftig en is van die Moedergemeente afhanklik vir die inkomste van Leraar, my pa. Leraar en Kerkraad funksioneer dus onder die N.G Kerkraad wat as direksie bekend gestaan het. Op so ‘n ‘direksie’ vergadering het my vader Dr H F Verwoerd se apartheidsbeleid gekritiseer en die gevolg was die opskorting van die Moedergemeente se bydrae tot sy salaris. Ma Corrie Steenbok: “In daardie paar maande moes ek met my **karige** salaris (R73) alleen die pot aan die kook hou en met die eerste baba op pad”

Vosburg is omring deur baie plase wat ook die Steenbok-predikantspaar se arbeid nodig gehad het. Ma Corrie Steenbok : “Hoe dink ek terug as ek in die nag hekke moes oopmaak en so bang gevoel het, want ek moes hom vergesel om praatjies met vroue te hou en te reël vir verkopings en basaars”.

My vader se werk was van so ‘n aard dat hy nie net huweliksberader was nie; maar ook ambulans beampte asook Taxibestuurder, aangesien vervoer ‘n groot probleem was. Slegs 'n bus uit Britstown wat Woensdae moes brood, pos, koerante en “Bank’-geld moes aflewer. Vosburg se koor het ook goeie sang gelewer en met die jaarlikse sangkompetisies baie trofeë verower. My moeder moes ook help met die sangdrag vir die koorlede, vir trompoppies (afrigting ook) en destyds se viering van 31 Mei Republiekdag was 'n groot geleentheid.

Corrie Steenbok: " Ek onthou dat Maitland-gemeente in die Kaap gereeld ou klere in groot kratte gestuur het om aan die behoeftiges uit te deel en net daardie blydskap op hul gesigte sal altyd bly by". Die kratte, verklaar my moeder, was gebruik om kiste te maak vir die wat nie 'n begrafnispolis gehad het nie. Die verwerking was gedoen in die pastorie se motorhuis deur die Leraar en gemeente mans. Op sommige plase het die boer net 'n kombers gegee om werkers in te begrawe. My vader kon ook nie enige tyd op 'n plaas aankom nie want werkers was besig om van soggens vroeg tot saans laat te werk. Hiervoor moes hy en my moeder eers toestemming by die 'Groot huis' kry voordat hulle by die 'struis' (kleurling se huis) kon ingaan.

## 3.3 Getuienis na buite

### 3.3.1 *Ipso Facto*

My dierbare moeder vertel dat sy in haar jare van ondervinding ondervind het dat waar 'n gemeente vakant was en 'n gemeente vrou lei die Bond daar altyd probleme ontstaan het. Trane was gestort toe 'n dame die Voorsitterstoel moes afgee want daardie jare was die Leraarsvrou *Ipso Facto* die Voorsitter van die(Christelike Sustersbond) C.S.B. en (Christelike Kinderbond) C.K.B. en (Christelike Jongdogtersbond) C.J.B. Interessant het hulle op die dorpie gepraat van die 'Voorvrou" of Pastoriemoeder. Vergaderings kon slegs kwartaalliks of maandeliks geskied asook die Vroue bidure. 'n Jongedogter het as sekretaresse en tesouriere opgetree aangesien meeste ongeletterd was. Die verkopings het ons Saterdae langs die Sokker en Rugbyveld gehou waar daar mielies gebraai was asook roosterbrood. Gemmerbier en harde koekies het nie agter gebly nie. Basaars kon slegs gehou word na pensioen-tyd vir ondersteuning. Konserte was maar elkeen kom doen sy eie ding op 'n gemaakte verhoog.

"Die Jongedogters (C.J.B) in die gemeente het ek gestig en hulle besig gehou met naaldwerk, netbal uitstappies en aktuele praatjies. So ook het ons breekgoed bymekaar gekry deur dat elke suster of jongedogter 'n koppie of bord of glas (drie maandeliks) bygedra het ongeag die kleur of fatsoen." verklaar my moeder, Corrie Steenbok

### 3.3.2 C.K.B.

Omdat daar net een Kerk en een skool was moes die hele skool aan die C.K.B. behoort of daar is probleme by die skool as hulle nie aanwesig was nie. Tog moes my moeder alleen die hele C.K.B. in die kerk lei want daar was nie leidsters om te help nie, want onderwysers loseer buite die dorp. Selfs met die oudste baba op haar heup moes my moeder aangaan met die C.K.B. As Leraarsvrou moes sy ook gewig by die Sondagskool ingooi. Sy was jonk, maar moes vinnig leer en die grootmens wêreld betree.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

Hoogtepunte in die tyd handel oor die verhaal wat begin by hierdie kerk se banke wat in ‘n gehawende toestand was. My moeder vertel hoe sy met innige teerheid onthou hoe Ds. Albert Grant van Retreat se naam genoem was toe daar gereageer was op ‘n soektog en advertensie vir Kerkbanke. Dit is nie verseker watter gemeente in die Kaap gereageer het nie; maar daar was banke met 'n vragmotor gaan haal, uitmekaar gemaak en Vosburg toe vervoer. Toe die vragmotor intrek het die gemeentelede aangestorm om te kom help aflaai, te timmer en in die kerk in te dra. Dit was ‘n baie groot oomblik gewees vir almal in die dorp. Die C.S.B. het op hul knieë die vloere geskrop, my moeder was die kosmaker en haar eggenoot het die kansel en binne mure geverf (gebedelde verf).

Goed kan sy die woorde onthou wat my vader geverf het. “Waarlik die Here is op hierdie plek”: Gen 28:26 en Haggai 2: 9 “ en op hierdie plek sal Ek my vrede gee (ook by die inwyding van die banke). Of die Kerkie vandag nog daar staan, is nie verseker nie want ‘n nuwe kerk was later gebou asook 'n pastorie (binne blanke gebied) aangekoop. Teen hierdie tyd was ons as 'n gesin al 'n paar jaar in die gemeente van Grassy Park (Kaapstad).

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

# 4. 1976-1986

## 4.1 Kerkhistories

### 4.1.1 Broederkring

Die Broederkring van die Nederduitse Gereformeerde Kerke het sy ontstaan rondom 1974 en die doel van hierdie organisasie was vir predikante in die jonger gereformeerde kerke om mekaar beter te leer ken en ook om as gespreksforum te dien. Du Toit beweer (2002: 144) dat die NG Broederkring ontstaan in 1975 as 'n para-kerklike kant van die Swart Bewussynsbeweging in Suid-Afrika en probeer na die verbanning van die Christelike Instituut in 1977 om laasgenoemde se werk voort te sit. Die stigterslede van die organisasie was di. Sam Buti, D P Botha(later onttrek as lid), Dr. Beyers Naudé en Mnr Roef Meyer (redakteur van *Pro Veritate*).

Die Broederkring het nie baie aandag gelok nie; slegs teen 1977 drie jaar na die stigting word dit verklap in die Kerkbode. Die nasionale vergadering van die Broederkring 1977 is die eerste vergadering wat deur Dr Allan Boesak bygewoon is en dit was ook by sy standplaas (Bellville-Suid) gehou vanaf 14 tot 16 Junie. Daar was geen opvallende rede vir die plek van vergader nie, maar die organiseerders het dalk vir Dr A Boesak as nuwe voorsitter in gedagte gehad. By hierdie vergadering was Dr Allan Boesak benoem as voorsitter en ook die uitgee van 'n publikasie genaamd *Dunamis* met hierdie nuwe voorsitter as redakteur. Die plan was om die *Dunamis* kwartaalliks uit te gee, maar op praktiese vlak het dit met ongereelde intervalle verskyn en meer as een keer was twee uitgawes gekombineer. Die artikels het grotendeels in Engels verskyn omdat die publikasie ook in oorsese markte versprei was. Die intensies van die Broederkring was gepubliseer in 1980. Kortliks kan genoem word dat die doel was om eenheid te bewerk op alle vlakke van die NG familie; die ondersteuning van ekumenies bewegings, die opposisie van apartheid en rassisme en die profetiese taak van die kerk.

Volgens Ds. Mokgoeba het die Broederkring sterk gevoelens gehad teenoor die Broederbond wat hulle beskou het as die manipulerende faktor agter die staat en die NG Kerk. *In March 1979 45 ministers of the NGSK issued a request that ministers and professors who were also members of the Broerderbond, publicly bear witness of their loyalty to either the Church or the Broederbond* (Scholtz 1989: 35).

By die konferensie van die SARK te Hammanskraal in Julie 1979 waar Dr. Allan Boesak 'n referaat gelewer het, was die Broederkring verkies as lid van die SARK. *This step was out of order for the Synod Commission for Ecumenical Relations of the NGSK, because at that stage this Church was not itself a member of the SACC* (Scholtz 1989:35).

By die vierde nasionale vergadering in September 1979 te Hammanskraal bygewoon deur 64 lede word verkies Dr. Allan Boesak as voorsitter, tesame met di. Frikkie Conradie, Elia Tema en M Mabutsha. 'n Begroting van R 46000 insluitend bedrae van R 41000 vanaf oorsese donateurs vir finansiële bedryfskoste van die kantore bestuur deur Ds. Mabusela asook vir die produksie van die *Dunamis*. Die byeenkoms aanvaar die volgende teologiese stelling opgetrek deur Dr. Allan Boesak:

> *We believe that God is gathering for Himself a new nation consisting of people whom he has freed through Christ from the oppressive powers. This congregation has the mission to live as the ons undivided body of Christ. As the property of God the church must endeavour to stand where God stands, i.e. against injustice and for the wronged people (*Scholtz 1989: 36).

Februarie 1980 ontmoet die Broederkring die Kerkleiers in Switserland en Duitsland om die organisasie te bemark. Hierteenoor skryf en vra die Moderator van die vorige Sinode van die NGSK en redakteur van die Ligdraer, Ds. D. P. Botha, in wie se gesag tree hierdie Broederkring op. Die redakteur van die Kerkbode assosieer homself met hierdie vraag en skrywe van Ds. Botha en beskryf die Broederkring as 'n organisasie wat koukus en 'n geheime ontmoeting gehad het met die vorige Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika(NGKA) oor hul samestelling van besturende komitee bestaande ook uit blanke predikante.

Dr. Allan Boesak reageer in die *Dunamis* teen die kritiek van Ds. Botha en verklaar dat elke lid van die Broederkring onder die supervisie van Kerkraad en Ring funksioneer. Dit was dus volgens Dr. Allan Boesak onnodig vir die afvaardiging om ook onder Sinode beheer te funksioneer. *A letter also appeared in 'Die Ligdraer' in which he said that he had read Rev. Botha's piece "with rising disbelief"* (Scholtz 1989:36). Die redakteur van die Kerkbode het geweier om Dr. Allan Boesak se reaksie te publiseer. Dr. Allan Boesak blameer die Kerkbode as 'n organisasie wat die feite verdraai.

Die polemiek rondom die Broederkring het gelei tot die twee kommissies van ondersoek na sy bedrywighede. *At the meeting on April 1st, 1980 of the General Synodical Commission (GSC) of the NGSK there was presented a report on the Broederkring compiled by Rev. N W Basson* (Scholtz 1989:37). Ds. Basson het as registrateur van die Sinode die verslag onderteken namens die res van die uitvoerende komitee. Die verslag het 'n voorstel geopper dat die Algemene Sinodale Kommissie homself van die Broederkring distansieer; die voorstel was nie aanvaar nie.

By die volgende vergadering van hierdie Algemene Sinodale Kommissie was besluit dat 'n kommissie bestaande uit Dr. S F Kotze, di. L J de Bruijn, F C Pedro en D Bantom die Broederkring ondersoek. Daar bestaan variasies oor wat volgende gebeur het waarvan die een op korrespondensie vlak leef volgens die Broederkring. Op 28 Augustus 1980 het Dr. Allan Boesak 'n skrywe ontvang van Ds de Bruijn waarin versoek word dat Dr. Boesak op 17 September 1980 voor hierdie Ad Hoc kommissie moet verskyn. Dr. Boesak het die brief na die uitvoerende komitee van die Broederkring verwys, waarop 'n latere datum van 24 Oktober 1980 as voorstel gedien het. Ds. de Bruijn antwoord dan hierdie skrywe op 17 Desember 1980.

Die ander variasie van die verloop spruit uit die kommissie wat verklaar dat hulle teen 16 Augustus 1980 'n ontmoeting met Dr. Boesak per telefoon gereël het vir 17 September 1980. Dr. Boesak het nie opgedaag nie en die Ad Hoc kommissie het gewag vir twee-en-half uur. *When he was telephoned he told the Commission that he was not coming because the Executive Committee of the Broederkring had decided that only the full Exucutive Board should participate in such an encounter* (Scholtz 1989:38). Volgens die kommissie was daar na baie telefoonoproepe en briewe geen kontak gemaak en was hulle geforseer om op grond van geskrewe bewyse 'n verslag te skryf.

In September by die vyfde nasionale vergadering van die Broederkring te Warrenton beskryf Dr. Boesak die 'aanvalle' van die ekumeniese pers as 'gif'. Dit is 'n taktiek, beskryf Dr. Boesak, wat homself herhaal; 'n metode wat kerke aanmoedig om hulle te distansieer van die Broederkring sodat die staat teen die organisasie kan optree. Soortgelyk het gebeur met die CI (Christelike Instituut) wat as organisasie verban was in 1977 sowel as die publikasie van *Pro Veritate*. Hierdie nasionale vergadering was bygewoon deur 70 lede en Dr. Boesak was weereens verkies tot voorsitter. Kort na hierdie vergadering vertrek hy na VSA vir 'n *cooling-off* periode soos hy dit noem. Dit was te dikwels dat sulke aktiviste hulself gevind het agter slot en grendel.

Februarie 1981 openbaar die kommissie sy verslag aan die Algemene Sinodale Kommissie oor die Broederkring. *It had reached the conclusion: "No fault can be found with the aims, theological interpretation and composition of the Broederkring"* (Scholtz 1989:39). 'n Vergadering gereël 22 Julie 1981 tussen die Broederkring en die ASK te Alexandra naby Johannesburg was een van broederskap en versoening. Die Broederkring het verduidelik dat dit nooit as idee gehad het om die rol van die kerk op ekumeniese vlak oor te neem nie. Ds. Botha en Dr. Beets het erken dat hulle t.o.v. versending van die briewe om Europa te waarsku oor die Broederkring nie oordeelkundig opgetree het nie.

### 4.1.2 NGSK Sinode 1978

By hierdie Sinode van die NGSK 1978 het die bespreking en besluitneming oor apartheid 'n besondere momentum gekry. Van die besluite was soos volg[13]:

1. aangesien die reg in eerste instansie die karakter dra dat God aan dié wat onreg ly, reg verskaf;

2. aangesien die reg 'n gawe van God is en gevolglik 'n gawe van Sy Liefde is;

3. aangesien dit in die reg ten diepste om Gods eer, die redding, bewaring en heil van mense gaan;

4. aangesien God in sy oordele regverdig is, is dit noodsaaklik dat die aardse regters ook na regverdige oordele streef;

5. aangesien in die Heilige Skrif baie klem gelê word op die rol van getuienis en getuies sodat dit ook 'n regverdige regspraak van God moet reflekteer.

6. teken hierdie Sinode ten sterkste beswaar aan teen die wet op aanhouding sonder verhoor (artikel 10);

    - die H E Sinode verwerp die betrokke wet as totaal onchristelik en vra dat die wet in sy geheel herroep moet word;
    - dat mense wat in hegtenis geneem word;
    - onverwyld aangekla sal word;
    - van regsverteenwoordigers van hul eie keuse voorsien word; en
    - onverwyld in die openbare regshowe verhoor sal word.

[13] Acta Synodi NG Sendingkerk 1978, p 476 & p 505.

Die Sinode spreek hom ook uit teenoor die metode van Regeringskant om leraars te werf as veiligheidsagente en versoek die betrokke staatsdepartement om van hierdie wyse van doen af te sien. Voorts druk die vergadering dit as sy erns uit om leraars, kerkraadslede en lidmate te versoek om onder geen omstandighede hulle te laat gebruik as veiligheidsagent nie.

Daar het egter 'n stadium in die NGSK aangebreek toe hulle besluit het om nie langer besluite te neem oor afsonderlike of bepaalde aspekte van die apartheidswetgewing nie, maar om 'n teologiese beoordeling van die apartheidsbeleid self te maak. In hierdie verband het die teologiese studente en prof. J. J. F. Durand van die Teologiese Skool vir die NGSK op die kampus van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) 'n baie belangrike rol gespeel (Adonis 2002:19). Die uitkoms van die gesamentlike optrede het gelei tot die voorlegging van beskrywingspunte oor apartheid aan die sinode. Die rede waarom die kerk dit gedoen het, is omdat die kerk 'n profetiese opdrag het om die beleid van die owerheid te toets aan die evangelie aangesien die owerheid verklaar dat hulle Christelik is (Adonis 2002:20). Die NGSK verklaar dus:

Die Kerk wil dit as sy oortuiging uitspreek dat die apartheidsbeleid soos deur die owerheid gehandhaaf, in stryd is met die evangelie:

1. omdat teenoor die evangelie van Christus se geregtigheid op die versoening van die mens met God en met sy medemens, die gedwonge skeiding van mense op grondslag van ras en kleur ten diepste gebaseer is op so 'n wyse geskei is op die oortuiging van die fundamentele onversoenbaarheid tussen mense wat op so 'n wyse geskei is;
2. omdat die sisteem wat uit so 'n beleid na vore kom, noodwendig moes lei en gelei het tot 'n toenemende polarisasie tussen mense, veral omdat die praktyk onteenseglik aangetoon het dat binne die sisteem een bevolkingsdeel, nl. die blankes, bevoorreg is en dat daar gevolglik nie voldoen is aan die evangeliese eis dat geregtigheid aan almal sal geskied nie; en

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

3. omdat daardeur nie alleen die menswaardigheid van die nie-bevoorregte bevolkingsdele nie, maar ook die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aangetas is[14].

Na die grondige bespreking is hierdie beskrywingspunt aanvaar en daarmee het die sinode die politieke beleid van apartheid as strydig met die evangelie en as sonde aanvaar, iets wat die NGKA drie jaar tevore al gedoen het (Adonis 2002: 20).

Hiervandaan was die sinode sterk gefokus op kerkvereniging binne die familie van die NG Kerke. Die sinode van die *Reformed Church in Africa* (RCA) het reeds in 1970 sy begeerte vir kerkeenheid onder die kerke in die 'n NG Kerkfamilie verklaar. In 1976 is 'n mandaat aan die komitee van die sinode van RCA gegee om die besprekings in hierdie verband te inisieer. Gedurende Mei 1977 het al die kerkrade in die RCA hulle positief verklaar ten gunste van kerkeenheid binne die NG Familie.

By die sinode van 1966 is besluit dat uitvoering gesoek sal word vir die affiliasie tussen Moeder en Dogterkerk betrokke in die Federale Raad van Kerke. In 1970 het die sinode hierdie besluit herbevestig en tydens die sitting in 1974 is aan die sinode berig dat die Federale Raad tot dusver besluit het om die struktuur van die raad so te behou soos dit is. Tydens hierdie sitting van 1974 het die sinode sy begeerte herbevestig om hierdie kerke van Gereformeerde belydenis in een Belydenis-sinode saam te voeg, soos ook in 1970 besluit is. Die lede van die sinode moes hierdie ideaal uitbou en so het die Moderatuur dan in Maart 1978 die reeds bekende mosie voor die Federale Raad van Kerke gelê.

Die sinode van die NGKA in Afrika roep die kerke in geheel om hierdie band tussen die NG Kerkfamilie-kerke te versterk, uit te bou en mekaar te versterk deur die nodige kontak, samewerking, begrip vir mekaar se probleme en deur saam te bid en te werk[15].

---

[14] Acta Synodi NG Sendingkerk 1978, p 399.
[15] Acta Synodi NG Sendingkerk p 292, 293

Die NG Sendingkerk se moderatuur beskik oor 'n duidelike maar beperkte mandaat. Sedert 1968 het agtereenvolgende sinodes opdrag gegee dat onderhandel moet word met die oog op die omskepping van die Federale Raad tot 'n Algemene Sinode met 'n duidelike omlynde jurisdiksie (m.a.w. beperkte magte). Hierdie mandaat is dan ook uitgevoer toe die Federale Raad die voorstel van die afvaardiging van die NGSK aanvaar het. Die afgevaardigdes sal by die volgende sinode rapporteer waar 'n verdere mandaat gegee sal word.

Die Algemene Sinode van die NGKA het in 1975 aan sy Algemene Sinodale Kommissie 'n ope mandaat gegee om kontak op te neem met die NGK, NGSK en die RCA met die oog op eenwording van hierdie kerke.

In hierdie memorandum oor Kerkeenheid in die sinode was die volgende redes gegee vir die noodsaaklikheid vir eenheid en moontlike weë tot eenheid, nl.:
omdat die NGK, NGKA, NGSK en die RCA

1. dieselfde gereformeerde tradisie deel,
2. dieselfde belydenis het soos uitgedruk in die Formuliere van Enigheid,
3. georganiseer is op dieselfde gereformeerde kerkregtelike beginsels,
4. 'n gemeenskaplike taak het t.o.v. die uitbreiding van die Koninkryk van God in hul gesamentlike vaderland,

daarom is hierdie kerke in beginsel een en trag hulle om hierdie eenheid in woord en daad te bely. Die sinode het dus verder oor gegaan in 'n bespreking oor die modelle van kerkeenheid, nl. Ekumeniese Sinode, oorkoepelende sinodes en eenheid op Algemene-, streeksinodale en ringsvlak.

Dr. Nico Smith (1971) skryf in 'n rede gepubliseer in die Kerkbode dat daar alreeds 'n eenheid bestaan tussen die Moeder- en Dogterkerke. Dit is nie kerke wat die eenheid van die Kerk van Christus bewerkstellig en tot stand bring nie. Nee, die eenheid is aan die kerke in Christus reeds by hulle ‘planting’ gegee. Omdat dit een Herder is, is dit ook een kudde.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

### 4.1.3 Ottawa 1982: 'n *status confessionis* afgekondig

In kerklike terme was die gebeure rondom apartheid en die NGK en die NHKA vanaf 17-27 Augustus 1982 by Ottawa dramaties en beslissend(Strauss 2004:103). Die drama het begin al by die aanvang van die vergadering met die viering van die nagmaal. Kort voor die diens lê elf verteenwoordigers van die jonger NG kerke 'n verklaring af waarin hulle aandui dat hulle onttrek van die diens. Hulle doen dit omdat anderskleuriges nie in Suid-Afrika by die nagmaal in die blanke gemeentes van die NGK en die NHKA mag aansit nie. Volgens hulle kan hierdie kerke se teologiese kettery wat "apartheid racism" onderbou, na apartheid by die nagmaalstafel teruggevoer word(Strauss 2004:104). Hierdie gebeure word deur die afgevaardigdes van die NGK beleef as 'n pynlike ervaring.

By die aanwysing van 'n nuwe president vir die WBGK (Wêreldbond van Gereformeerde Kerke) stel die Nominasiekomitee voor dat dit 'n bekwame persoon uit die Derde Wêreld moet wees wat genoeg ervaring het van die WBGK met sy 149 kerke wêreldwyd. *August 1982 proved the highpoint of Allan Boesak's continuing career, when the World Alliance of Reformed Churhes not only supported him in his fight against apartheid, but went as far as to elect him President* (Scholtz 1989: 50). Dit is nie duidelik hoe Dr. Allan Boesak uitgenooi en as spreker deelgeneem het, op die onkoste van die WBGK nie. Hierdie uitnodiging het dit ook moontlik gemaak vir die Ekumeniese Verhoudinge van die NGSK om hom saam met Ds. D P Botha as afgevaardigdes te nomineer. Een van die punte op die agenda van hierdie vergadering te Ottawa was 'n lang rede deur Dr. Allan Boesak genoemd, *He made us all but...*

In hierdie adres skryf Dr. Allan Boesak oor die kwessie van Rassisme in/en die Reformatoriese Tradisie, Rassisme, Apartheid as pseudo-evangelie, verantwoordelikheid van die WBGK:

> *The struggle in South Africa is not merely against an evil ideology; it is against 'n pseudo-religious ideology which was born in and is still being justified out of the bosom of the Reformed churches. The importance of this for the future of the Christian church in South Africa is enormous, for ultimately, beyond denomination and tradition, the credibility of the gospel of Jesus Christ is at stake* (Boesak1987: 2)

> *First of all, racism is an ideology of racial domination that incorporates beliefs in particular race's cultural and/or inherent biological inferiority. It uses such beliefs to justify and prescribe unequal treatment of that group...Second, racism has not always been with us. It is a fairly recent phenomenon that has become an essential part of a historical process of cultural, economic, political, and psychological domination...But,third, however important these observations may be, the Christian must say more. Rasicm is sin* (Boesak 1987:4).

> *South Africa is not the only place in the world where oppression and exploitation are the daily bread of the poor and the defenseless. What is unique, however, is the role of the churches, more specifically, the Reformed churches...These churches not only provided a theological justification for this policy but also worked out, in considerable detail, the policy itself. It is these churches that worked hard to devise practical policies of apartheid that could be implemented by the goverment, while at the same time formulating a theological construction to justify the policy plans (*Boesak 1987: 6).

> *In South Africa, as I have noted, apartheid is not just a political ideology. Its very existence as a political policy has depended and still depends on the theological justification of certain member churches of the WARC. For Reformed churches, this situation should constitute a "status confessionis". This means that churches should recognize that apartheid is a heresy, contrary to the gospel and inconsistent with the Reformed tradition, and consequently reject it as such* (Boesak 1987:9).

**4.1.4 Sinode NGSK 1982**

Die sinode van 1978 het immers met sy standpunt dat apartheid nie met die Evangelie versoenbaar is nie, reeds 'n teologiese lyn gelê wat aansluiting by Ottawa sou vergemaklik (Strauss 2004:108). Daarby neem die sinode van 1982 besluite oor die saak op 1 Oktober 1982, nie lank na die WBGK in Ottawa nie, sodat die gloed van laasgenoemde via die media en sy eie afvaardiging maklik oorspoel na die NGSK. Boonop word Boesak assessor van die sinode van 1982 wat 'n aanduiding is van die aansien wat hy in hierdie kringe geniet het. Voor die verkiesing van die Moderator het die Broederkring, di. Jan de Waal en D A Apies, protes aangeteken teen die bywoning van 17 blanke predikante wat steeds lede van die NGK was en nie van die NGSK. Die saak was verwys na die regskomitee, maar hulle planne was in die wiele gery deur dat die tydelike kommissie besluit dat hierdie leraars die reg het om die vergadering by te woon. *It was generally expected that Dr. Allan Boesak would be elected to this post and the Broederkring men hope for this* (Scholtz 1989: 57). Ds. Sakkie Mentoor was egter verkies met 242 stemme teenoor Dr. Boesak se 235.

Die kommissie wat die besluit van die WBGK die Vrydagoggend aan die sinode moes voorlê; moes dit op so 'n manier doen dat daar geen groot worsteling en ontsteltenis is nie. Die kommissie het probeer om sensitief te wees vir al die strominge deur die jare, die kerklike debatte, die belangrike publikasies en verklarings, maar ook vir die menslike drama en lyding in ons huisgesinne, op die strate en aan ons land se grense(Botha 1998:34). Die verslag is in 'n dag en half lange debat deur die sinode behandel en is eers in 'n teologiese beoordeling aan die sinode oorgedra waarin apartheid as 'n sekulêre evangelie afgewys is.

Die sinode het dit duidelik gemaak dat hy in ooreenstemming met sy 1978-besluite oor apartheid en die implikasies van die Bybel se versoeningsleer, dat die Sendingkerk die staat van belydenis moet onderskryf.

Die gebeure hierna was vir almal by die sinode verstommend. Dr. Gustav Bam, die Sendingkerk se voormalige dosent in praktiese teologie, het met aangrypende woorde aanbeveel dat die sinode sy geloof teenoor die sake wat hy afwys in 'n belydenis moes verwoord. Hy beskryf die oomblik as 'n heilige oomblik deur die afkondiging van 'n *status confessionis*.

Streng gesproke beteken die uitdrukking *status confessionis* dat 'n Christen, 'n groep Christene, 'n kerk of 'n groep kerke oordeel dat 'n situasie ontstaan het, 'n oomblik van waarheid aangebreek het waarin niks minder nie as die evangelie self, hul mees basiese belydenis aangaande die Christelike evangelie, op die spel staan, sodat hulle verplig voel om daarteenoor te getuig en te handel (Cloete 1984: 22).

Twee plattelandse dominees het professor Bam se pleidooi as 'n voorstel voorgelê en die sinode het onbestrede besluit om 'n belydenis op te stel(Botha 1998:37). Saam met professor Bam (as voorsitter) was die kommissie vir die formulering van 'n belydenis in verband met die *status confessionis,* ds I J Mentor (moderator), dr. A. A. Boesak (assessor) en proff. D. J. Smit[16] en J.J.F. Durand[17].

In 'n openbare toespraak aan die vroueklub in die Kaap beskryf prof Jaap Durand, vise-rektor en dekaan van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Wes-Kaapland, in openhartigheid dat apartheid en versoening mekaar op kerklike gebied wedersyds uitsluit. Apartheid beteken, volgens hom, onversoenbaarheid (Botha 1982).

---

[16] Dirk Jacobus Smit dosent in Sistematiese Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland vanaf 1981 en by Universiteit van Stellenbosch sedert 2000. Hy was ook professor in Sosiale Etiek aan die Universiteit van Marburg, Duitsland, en navorser aan die universiteite en seminare van Duke, Princeton, Berkley en Heidelberg.

[17] Johannes Jacobus (Jaap) Fourie Durand as waarnemende rektor 1994 van Universiteit van Wes-Kaapland ontvang Eredoktorsgraad van Geesteswetenskappe vir sy rol in die stryd om vrede en geregtigheid sowel as vir sy uitnemende akademiese bydraes. Hy ontvang ook die *Golden Dove of Peace* toekenning 1994, *Thomas Robertson Award* 1951, Eredoktorsgraad in Wetenskap aan Universiteit van Kaapstad, Eredoktorsgraad in Filosofie aan Universiteit van Wes-Kaapland, die Totius medalje vir Teologie en 'n Eredoktorsgraad in Filosofie aan Universiteit van Stellenbosch.

Apartheid staan ook kontra die evangelie omdat dit die onversoenbaarheid van mense tot beginsel verhef het. Prof. Durand verklaar ook dat Ottawa die spanninge binne die NG Kerke tot 'n hoogte gevoer het en dit was geen onverwagte besluit dat die NG Kerk se lidmaatskap opgeskort sou word nie. Hy stel voor dat versoening nie tussen die NG Kerk en die jonger kerke kan plaasvind sonder die afwysing van apartheid nie. Skeiding, verklaar prof Durand, het toenemende polarisasie gebring wat versoening onmoontlik gemaak het. 'n Aflegging van apartheid en 'n verootmoediging voor God, is volgens hom, die enigste ruimte waarin kerklike versoening kan plaasvind (Botha 1982). Die Kerk moet 'n demonstrasie model wees aan die wêreld en moet bewys dat mense met mekaar in versoening kan leef. Dit is 'n tragedie dat dit juis die roeping van die kerk is en dat die kloof van skeiding en onversoenbaarheid in die kerk geslaan is. Woensdagoggend 6 Oktober 1982 was die oomblik van waarheid toe die konsepbelydenis voor die sinode gelê is, en is dit staande aanvaar, sonder een teenstem. Die NGSK het hierna die konsepbelydenis deur die loop van vier jaar in die gemeentes en ringe bestudeer en kommentaar gelewer sodat hy teen die 1986-sinode kon besluit oor die aanneem van die belydenis in die kerk. Na vier jaar se wye bespreking in die NG Sendingkerk is die Belydenis van Belhar amptelik op 26 September 1986 aanvaar en die doel van die belydenis was om die geloof wat reeds in lidmate leef, te verwoord en te bely. Die Belydenis van Belhar is soos volg uiteengesit (Hofmeyr 2002: 213):

1. in die voorwoord is geloof bely in die drie-enige God wat die kerk deur sy Woord en Gees versamel en versorg.
2. in 'n eerste artikel word geloof bely in die eenheid van die kerk,
3. in 'n tweede artikel in 'n ware versoening in Christus, en
4. in die derde artikel die ontfermende geregtigheid van God,
5. in die slot is bely dat gehoorsaamheid hiervoor verskuldig is aan Jesus Christus die Here, al sou teenstand ondervind word,
6. 'n begeleidende brief het in vier paragrawe die gesindheid, gesag, bedoeling en verwagting rondom die Belydenis van Belhar verwoord.
7. daar is ook 'n uiteensetting gegee hoe die sinode self die gebeure verstaan en bedoel het,
8. daar is doelbewus besluit om apartheid as sodanig nie in die Belydenis van Belhar te vermeld nie, vanweë die tipies gereformeerde siening van belydenisskrifte.

## 4.2 Kerkwees, Gereformeerd wees, Spiritualiteit

### 4.2.1 Die Vrou in die Bediening

Die NG Sendingkerk het met die sinode van 1978 besluit dat die vrou as diakones volle kerkraadslidstatus sal hê. Sy sal tot die amp toegelaat word en in ooreenstemming met die nuwe kerkorde wat deur die sinode aanvaar is, sal sy ook kwalifiseer om afgevaardigde na die sinode-sittings te word en in teorie dus om verkies te kan word tot die moderatuur van die Sendingkerk. Die sinode het hierdie besluit geneem na die studiestuk, die Vrou in die Amp. Die besluit van die NG Sendingkerk tree onmiddellik in werking; dit is 'n besluit wat met 'n oorweldigende meerderheid aangeneem is. Die maatreël het reeds gegeld vir die susterkerk, RCA. Die lewendige en soms luimige debat, wat gevolg het op 'n verslag van die Leer en Studiekommissie oor die Vrou in die Amp, is ingelei met 'n bekentenis deur die leraar van die Kaapstadse gemeente Ebenezer, ds Pieter Gelderbloem, dat sy kerkraad reeds twee vroue tot die amp van diaken gekies het (Burger 1978). Die kerkraad verklaar dat aangesien 'geen skriftuurlike beswaar' gevind kan word nie het hul goedkeuring verleen dat op 12 November 1978 bevestiging van die twee dames sal plaasvind. Daar het wye steun gekom vanaf baie ander prominente leraars soos Ds. J de Waal wat gesê het vroue in sy gemeente is alreeds nie-amptelik betrek as diakonesse. Ds. D Bantom het gesteun op die antwoord van Calvyn dat vroue in tye van oorlog saam met mans kan veg. Broer Johannes Cloete van Saldanha kon hom nie met die beskrywingspunt vereenselwig nie (Burger 1978). Hy verklaar dat die vrou alreeds te veel stemreg het in die huis en verwys na die teksvers in 1 Korinthiërs wat lui dat die vrou in die gemeente moet swyg en nie toegelaat word om te spreek nie. Hierteenoor reageer Dr. Allan Boesak as motivering ten gunste van die voorstel deur te sê dat wanneer God ons tot Sy diens roep het Hy niks te make met fisieke eienskappe nie. Dr. Allan Boesak sê ook dat die enigste vereiste is dat die mens wel lid van die Liggaam van Christus moet wees. Ds. P L Krieling het ten slotte gesê dit is sy persoonlike ervaring dat die vrou in die moderne tyd 'n sterker verantwoordelikheids-gevoel tuis as die man openbaar en dus doeltreffend vir kerksake ingespan behoort te word (Burger 1978).

Die reaksie vanaf die res van die gereformeerde vroue was baie positief; mev. Selma van Wyk, bekende skryfster en eggenote van ds. Attie van Wyk van die sendinggemeente Durbanville verklaar dat “die vrou kan altyd beter deur 'n ander vrou bearbei word”. Mev J Bezuidenhout van die NG gemeente in Lydenburg, sê dat sy met die nuwe gedagte saamstem, omdat dit veral in die sendinggemeentes is waar daar behoefte aan sendingwerk is, waar dit met welslae aangewend kan word (Die Transvaler 1978).

By die daaropvolgende sinode die dag van 6 Oktober 1982 word deur dr. Hannes Adonis van Goodwood voorgestel dat die amp van predikant, ouderling en diaken voortaan vir die vrou oop sal wees. Hieroor was niemand blyer nie as Magaret Keyser nie; sy is 'n jong teologiese student van Wellington en maak aan die einde van 1985 klaar met haar studies. Heel aan die begin van haar studies is Magaret gewaarsku dat daar geen waarborg was dat sy na haar studies as predikant toegelaat sou word nie (Jongbloed 1982).

Hiermee word die NG Sendingkerk die eerste Gereformeerde kerk in Suid-Afrika wat al sy ampte vir vroue oop stel. By dieselfde sinode-sitting in Belhar was dit die eerste keer dat vroue die geleentheid bywoon vanweë die besluite van vorige sinode 1978. Die een van die vroue was uit die Vrystaat; sy sê hulle voel tuis onder die manlike meerderheid. Mev Maria Christians, ouderling op Vredenburg, sê dit lyk vir haar asof die mans nog maar 'n bietjie huiwerig is om haar by informele bespreking oor 'n koppie tee te betrek. 'n Ouderling van Grabouw, mev. Tina Hartnick, is 'n sterk voorstander van die belangrike rol van vroue in die kerk.

### 4.2.2 Die student in die Bediening

Die Wes-Kaapse NG Sinode het op Maandag 19 Oktober 1979 eenparig besluit om die Teologiese Skool aan die NG Sendingkerk oor te dra. Die Sendingkerk aanvaar volle verantwoordelikheid rakende die opleiding van predikante van die kerk. Die eerste kuratorium wat in die geskiedenis boeke opgeneem word: Dr. H M Beets (Voorsitter); di. J.J.F. Mettler (onder-voorsitter), D.P.Botha (skriba) en di. J.J. Sieberhagen, L. Moolman, P. W. L. Sinclair, J.W.Carstens, G.J.Loots, A. Appollis en J.Claasen.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

Ds. David Botha het gesê die Teologiese Skool is een van die mooiste hoofstukke in die verhouding tussen die NG Kerk en die Sendingkerk (Die Burger: 1982). Daar is geen voorwaardes vanaf die NG Kerk gemaak ten opsigte van hierdie gulhartige optrede. Beswaar is egter gemaak teen 'n mosie dat die 'gulhartige' optrede bande tussen die twee Kerke sal versterk. Ds. G J Retief van Swellendam het gesê hy vertrou ook dat die bande versterk sal word, maar nie om die rede nie (Die Burger: 1982).

In 'n onbekende artikel vanaf die Argus word geskryf dat alhoewel die kuratorium die opleiding programme en inhoud van die Teologiese Fakulteit bestuur; is dit alom bekend dat Dr. Allan Boesak groot invloed het onder die studente. Die artikel beskryf soos volg die rol van die Teologiese Fakulteit:

> *The School , which has fewer than 50 students, has become a crucible not only for the contending forces of 'liberation' and moderation among black clergymen, but also for the whites who teach there and those who may in future study* (The Argus: *sine anno*).

## 4.3 Getuienis na buite

Die Steenbok-gesin (vader, moeder en oudste seun Vernon) was bevestig in die gemeente van Grassy Park(die Slot-gemeente). Destyds was dié area van die Kaapsevlakte baie bebos. Die gemeente was afgestig van die Wynberg NGSK. "Die Slot" beteken daar word nie weer afgestig nie en tog het hulle nie rekening gehou met die groei van die gemeente nie en so is Lotus Rivier afgestig en Leraar Ds. L Golding was beroep. 'n Kerksaal is daar deur Skiereiland se Sending Raad opgerig en my vader, Ds. Steenbok, het 'n groot "Klip" as hoeksteen voor die gebou gesit.

Die vorige leraar, wat oorlede was, se eggenote het nog steeds as leidster aangebly aangesien die susters vir haar bejammer het. Dit was 'n bron van konflik vir my moeder omdat sy byna eers na 'n jaar die voorsitterstoel kon inneem. Daar was gevalle waar gebid was vir die ou juffrou en die nuwe juffrou en die pad van aanvaarding vir my moeder was 'n moeilike een. Die Ring moes op 'n stadium inspring vanweë konflik om skikking en vrede te bewerk; die uiteinde na die vrede was dat 'ou juffrou' en 'nuwe juffrou' kon toe lekker saamwerk.

"Daar was ook buite die kerkverband 'n organisasie genoem *the White Ribbon* waarvan ek nie 'n idee gehad het nie en susters het verwag dat ek moet leiding neem": verklaar my moeder, Corrie Steenbok. Om verdere misverstande uit die weg te ruim is die organisasie ontbind. My moeder was ook die Voorsitter van die C.K.B. wat 'n baie groot organisasie was. Sy het in daardie tyd by hierdie gemeente ook die C.J.B. (Christelike Jongdogtersbond) gestig en dit was die enigste in die Ring van Wynberg wat 'n sirkel van sewe gemeentes was. Naaldwerkklasse en "Kantata[18]" (sang) was die hoogtepunt waar laasgenoemde opgevoer was onder leiding van orreliste.

[18] Vokale komposisie Baroktydperk-dele vir soliste en koor met instrumentale begeleiding.

My moeder was verkies as die President van die Sirkel van Wynberg en die Visepresidente mev. Golding. Die C.S.B-Kore van Philippi en Claremont het die naweek se verrigtinge met lieflike sang opgeluister Dit was 'n groot taak en die verantwoordelikheid was die reël van konferensies, werkstafels en Sirkelsangaande in die Kaapse Stadsaal. My moeder was ook die voorsitter van Interkerklike aktiwiteite waaronder die Wêreld Biddag vir Vroue ressorteer en hierdeur het my moeder by baie verskillende denominasies boodskappe gelewer.

Daar was ook 'n noue samewerking tussen die C.S.B. en die Moedergemeente vroue van Heathfield en Plumstead. Aktiwiteite soos naaldwerkkompetisies, hoede-uit-die-tuin het geseëvier. Die C.S.B. moes volgens Kerkwet verander wat die naam en lied betref. Vroue was ontevrede maar moes later die naam Vroue Diens of Vroue Bediening aanvaar. Tydens die Jeugleierskursus te Bellville 1972 is daar geskryf in die 'Rubriek vir C.O.O.' in die Ligdraer dat die jeug in sy doel en strewe na eenheid ook 'n lied komponeer. Daar was in hierdie skrywe 'n beroep geplaas dat jongmense hulle idees instuur.

Die jaarlikse afsluitings was 'n groot en opwindende gebeurtenis; van die geleenthede was by vleie vir kampeerders. Tente was opgeslaan en 'n perdekar was gehuur om die oudstes te vervoer; hierdie afsluitings was dan vol pret. In hierdie pastorie van Grassy Park is nog twee seuns gebore (Marshall en Arthur-Ashé). Die tweede seun is deur ds. Moolman van De Aar gedoop en die jongste deur dr. Allan Boesak.

Daar is later 'n kerk gebou en die bouer was wyle oom Jan Mettler, ds. J Mettler se pa, van Wellington. Die inwyding was 'n mooi geleentheid en my moeder verklaar hoe bevoorreg sy gevoel het om die kerkdeure oop te sluit. "Vele beroepe het in die bou tydperk gekom totdat ons die beroep na Kraaifontein aangeneem het na byna 10 jaar", aldus Corrie Steenbok.

# 5. 1986-1994

## 5.1 Kerkhistories

### 5.1.1 Belhar Belydenis

Die doelwit van die NG Sendingkerk se Belhar-belydenis skryf prof Durand (1984: 11) is nie om 'n skeuring binne die NG geledere te bewerkstellig nie, maar juis om positief die moontlikheid van ware eenheid te bied. Die Belydenis rig hom teen die dwaalleer dat apartheid God se wil vir Suid-Afrika is en toon in drie artikels waaraan dit as 'n kettery herkenbaar is. Ten eerste lei apartheid tot die verskeuring van die kerk op grond van ras en kleur op so 'n wyse dat meer as net geloof in Jesus Christus bepalend vir kerkwees word. Ten tweede bring dit die evangeliese boodskap van die versoening tussen mense in die gedrang, asook die geloofwaardigheid van die evangelie.

Met so 'n belydenis bied die Sendingkerk homself aan as 'n kerk en vra om gemeenskap met ander kerke op grond van die waarheid soos in die belydenis vervat. Deur so die waarheid te bely, besweer die Sendingkerk die gevaar dat binne die NG Kerk-familie voortgeleef sal word in oënskynlike eenheid, wat in werklikheid niks anders as 'n skyn eenheid is nie. Prof Durand skryf verder dat die verwyt teen die Sendingkerk dat hy met sy belydenis die eenheid met die NG Kerk in gevaar gebring het, sou alleen kon steek hou indien van 'n werklike eenheid in Bybelse sin sprake was. Maar dit is geen geheim nie dat 'n sigbare eenheid wat alle etniese en kulturele verskille ophef, juis deur die NG Kerk afgewys is; dat die pleidooi om 'n groter en sigbare vergestalting van geestelike eenheid by die NG Kerk feitlik op dowe ore geval het.

### 5.1.2 Kerk en Samelewing

Binne die NG Kerk was daar bewegings van versoening en selfs verandering. Prof Potgieter meen dat die apartheid-Rubicon in 1986 met die aanvaarding van die Kerk en Samelewing oorgesteek is. Daarna sou die NGK, ten spyte van hewige druk van binne, nooit weer op sy spoor omdraai nie.

Kerk en Samelewing 1986 sê onder meer onomwonde: "Die NGK is oortuig dat die hantering van apartheid as 'n politiek en maatskaplike sisteem wat mense verontreg en een groepe onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas" (Kerk en Samelewing 1986, par 304). Vir prof. Daan Cloete, teoloog van Bellville, sal dit hoop gee as die wit kerk heeltemal afsien van Kerk en Samelewing (Jongbloed 1986). Prof Cloete skryf dat eers daarna sal gesprek kan plaasvind, want al is Kerk en Samelewing herskryf is dit nog steeds op etnisiteit gegrond. Prof. Johan Heyns is as Moderator van die NG Kerk verkies en die gerugte verklaar dat hierdie 'n verligte kerkleier is wat hoop bied vir samesprekings. Dr. Adonis verklaar in dieselfde berig dat prof. Heyns 'n verligte stem is; maar die raamwerk van waaruit hy praat nie een van verandering is nie omdat hy glo in aparte kerke. Vir dr. Adonis is Kerk en Samelewing ook maar net 'n aangepaste vorm van Ras, Volk en Nasie.

Die gevolge van die aanvaarding van Kerk en Samelewing 1986 was dramaties, sowat 20 000 lidmate en 100 predikante het destyds uit die NGK getree en n nuwe kerk, die Afrikaanse Protestantse Kerk, in 1987 gestig. Hierdie was 'n traumaties gebeurtenis vir die NGK. Deur die jare wat volg het die APK nie baie gestyg in getalle nie, maar dit het nog steeds seer gemaak.

**5.1.3 Rustenburg Kerkberaad**

By Rustenburg se Kerkbraad in November 1990 het prof Willie Jonker aan die einde van sy toespraak as genooide spreker uit eie beweging verklaar: " Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek dit om dit ook namens die NGK te doen, waarvan ek 'n lidmaat is, en vir die Afrikaners. Ek het vryheid om dit te doen, want die NGK het apartheid op sy afgelope Algemene Sinode (Oktober 1990) tot sonde verklaar en sy eie skuld en nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie" (ASK 1997:54).

Aartsbiskop Desmond Tutu van die Anglikaanse Kerk het na prof Jonker se toespraak, ook uit eie beweging, gesê dat hy die skuldbelydenis aanvaar en nie aan die opregtheid daarvan twyfel nie.
Sommige kerklui meen dat die NGK se skuld nie so maklik vergewe kan word nie, het Desmond Tutu gesê. Maar by hom is daar nie twyfel nie: As skuld bely word, vergewe die Here en so moet Christene mekaar vergewe. Tot sewentig maal sewe keer, het die Here Jesus gesê.

"Dit beteken…dat ons na ander mense se verhale wil kom luister, dat ons erns wil maak om hul pyn en nood raak te sien en mee te werk aan die genesing van die gemeenskap en die oplossing van probleme. Ons is hierin geroep om ons foute te erken en onvoorwaardelik te vergewe" was deel van Ds. Freek Swanepoel se toespraak by die WVK waar hy homself en die NGK verbind het tot nasiebou in SA.

By die NG Sinode van 1994 was daar baie vrees. Ds. Freek Swanepoel het vertel hoe hulle moes gemoedere kalmeer oral in die land. Die Sinode het wel bekend gestaan as 'n "Sinode van Versoening". Daar was waardering gegee aan die wat hulle in die verlede teen apartheid uitgespreek het; veral stemme soos die van Ben Marais en Beyers Naudé. Die voormalige president Nelson Mandela het ook die Sinode besoek wat 'n groot kalmte en hoop aan kerkgeledere voorsien het. Nietemin hierdie verandering het dit egter ook gou duidelik geword dat die NG Kerk nie te vinde was vir kerkvereniging nie[19]. Dat die Belhar-belydenis by NG geledere groot spanning verwek het, was baie duidelik.

---

[19] Acta Synodi NG Sendingkerk 1990, p 807.

### 5.1.4 NGKA en 'n vierde belydenis

Die NGKA het in 1975 en die NGSK in 1978 reeds besluite geneem in verband met kerkvereniging. Die ontmoetings tussen die NGKA en die NGSK in 1987 met die oog op kerkverening het dus baie positief verloop. Reeds by die eerste ontmoeting van hierdie twee groepe verteenwoordigers is 'n beginselverklaring opgestel en aanvaar[20]. Die NGKA en die NGSK het in alle erns die proses van kerkverening met groot entoesiasme aangepak.

Die bedoeling was dat die twee kerke in 1990 sou verenig, maar die NGKA het nog nie die belydenis van Belhar as 'n vierde belydenis aanvaar nie. Daar is baie vandag wat sê dat hierdie proses van vereniging te haastig geskied het en dat gevolge en verwikkelinge nie goed deurdink was nie.

Ek wil nie ons verhaal vooruit loop nie, maar tekens hiervan word nou waargeneem in die Vrystaat. Die konflik tussen die ou Sendingkerklidmate en NGKA in die Vrystaat was so op die spits gedryf dat die konflik uiteindelik in die hof beland het. Lidmate van die vorige NGKA het verklaar dat hulle onttrek van die VGKSA. By die sinode van die destydse Sendingkerk het ds. Sakkie Mentor, uittredende Assessor van die Kerk, oor eenheid die voorstel gemaak dat die vereniging eers later geskied sodat die NGKA eers die geleentheid kan hê om tot finaliteit te kom oor die Belydenis van Belhar. Hierdie voorstel is met 'n oorweldigende meerderheid verwerp.

Prof. Jaap Durand, lid van die gesprekskommissie van die NGSK, het tydens die bespreking van ds. Mentor se voorstel gesê hy gee toe dat die NGKA kerkregtelike probleme het (Die Burger 1990). Die NGSK kan nie in afwagting van dié probleme besluit om nie met die NGKA te trou nie omdat die probleme onoorkomelik sou wees het prof Durand ook verklaar. Ds.. Mentor se benadering was dat die NGSK se vereniging met die NGKA in die weg sou staan van eenheid met die NG Kerk en RCA. Hierdie opvatting is afgeskiet by die sinode omdat die kerkorde wat as grondslag vir die verenigde NGKA en NGSK gaan dien nie rigoristies is nie.

---

[20] Acta Synodi NG Sendingkerk 1990, p 32.

Dit is 'n baie plooibaar om die pad oop te maak vir uiteindelik eenwording van alle lidkerke van die NG kerk-familie. Hierdie nuwe goedgekeurde kerkorde bevat daarom slegs twaalf artikels met 'n beperkte aantal reglemente[21]. Dié sinode van die NGSK het hom ook vereenselwig met die ideaal van kerkeenheid wat die hele familie van die NG Kerk insluit, en het 'n staande en oop uitnodiging gerig aan die lede van die familie van NG Kerke wat nog nie deel van die proses is nie, om daarby in te skakel.

Die Belydenis van Belhar het uiteindelik die basis gevorm van die vereniging tussen die NGKA en die NGSK op 14 April 1994 in die kerkgebou van die gemeente Suid-Afrikaanse Gestig in Belhar. Voorafgaande aan hierdie uiters belangrike gebeurtenis het die sinode eers die voorgestelde kerkorde goedgekeur (Coertzen 2002:23).

Die stigting van die nuwe kerk, Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, was sonder noemenswaardige kerkregtelike of ander struikelblokke. Prof J C Adonis verklaar dat vir hom een van die heel merkwaardigste en verbasende “verskynsels” die uitdrukking van ons gemeenskaplike geloof in Jesus Christus as die Hoof van die kerk is.

[21] Kerkorde van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, Belhar 1994.

## 5.2 Kerkwees, Gereformeerd wees, Spiritualiteit

### 5.2.1 NG Sendingkerk-Jeugbrigade

Op 30 Maart 1975 was dit presies vyftig jaar wees dat die Jeugbrigade in die Sending Gemeente Maitland gestig is (Ligdraer 1975: 17). Klein was die begin op 1925, maar groot die ywer en versiendheid van kol. D. S. Lewis wat die eerste kompanjie van die Brigade met sestig lede op Maitland (Kaap) gestig het. Dit het gegroei en gebloei totdat daar na 30 jaar nie minder as 6000 lede in 72 kompanjies dwarsdeur die Kaapprovinsie versprei was nie. Voor die stigting van die NG Sendingkerk se Brigade was daar reeds in Suid-Afrika 'n *Boys Brigade* gestig deur die Imperiale Mag wat destyds in die kaserne in Buitekanstraat gehuisves was. Hierdie Brigade was saamgestel op die Seunsbrigade in Skotland(May 1955:4).

Kol. Lewis was destyds die superintendent van die Sondagskool in Maitland en die seuns het by hom gesmeek om ook vir hulle so 'n brigade te stig. Kol. Lewis het probeer om in vennootskap te gaan met die reeds gestigte brigades van die ander kerklike genootskappe. Die onderhandelinge het misluk, maar met deursettingsvermoë het hy as diaken die kerkraad van Maitland saam met eerw. L J. Erasmus oortuig om 'n eie Brigade te stig. Bedags het Kol. Lewis sy eie werksverpligting gehad en moes sy eie na-uurse tyd spandeer om die vernaamste oefeninge, drilreekse en range uit te werk. Na 'n maand van swoeg en sweet kon hulle die Seunsbrigade, al sestig seuns, in volle uniforms uitdos. Deur konserte te hou en geesdriftige ondersteuning van die ouers, kon al die nodige vir die sestig seuns gekoop word( May 1955: 7). Die brigade sou bekend staan as die Sendingkerk-Brigade om enige verwarring te voorkom en alle lede van die Sendingkerk is welkom om aan te sluit. Die eerste bestuurder van die Brigade was eerw. G.P. Nel en mnr. Lewis doen die eerste vyf jaar diens as personeelkaptein en hoof van die Brigade. In dieselfde jaar as die stigting smeek die dogters van die Sondagskool ook om deel te hê aan die Brigade. Die Brigade van seuns en dogters het gegroei en selfs op die platteland was daar baie aanvraag vanaf gemeentes vir opleiding en stigting van brigades.

Die model range funksioneer min of meer dieselfde as die militêre beginsel. Enige kompanjie mag 'n nuwe lid aanneem, maar stigting van nuwe kompanjies moet deur die kerkraad van 'n betrokke gemeente goedgekeur word. Die hoofkommandant gaan dan self of hy stuur sy verteenwoordigers om so 'n aanbevole kompanjie te gaan ondersoek. Elke kompanjie is ook verantwoordelik vir sy eie geldsake en geld word ingesamel deur konserte, ens. Kol. Lewis is voltyds aangestel om kompanjies te besoek, te organiseer en van raad te bedien (May 1955:8). Hy moet ook sorg dat die algemene administrasie van die beweging korrek funksioneer en soms moes hy reis na Port Elizabeth tot by Calvinia uit die Kaap.

Dit was altyd vir my frustrerend as 'n klein tjokker op my ma se arm om te sien hoe my oudste twee boetas in die orkes van die Brigade marsjeer. My moeder moes maar saamstap om my tevrede te stel. Ek kon nie wag soos elke jong seun om deel te neem aan die parades een Sondag per maand voor en na die erediens na en vanaf die kerk. Soggens vroeg voor die diens moes ons iewers bymekaar kom ver van die kerkgebou af; sodra die tyd gereed was moes ons kerk toe marsjeer met die orkes voor sodat almal kan hoor en weet die brigade is op pad. Na die erediens moes gemeentelede eers die kerk verlaat en daarna die brigade se marsjeer vanaf die gebou. Die kinders wat te jonk was het langs die seuns en dogters gehardloop uit admirasie en verwondering.
Daar was ook baie ander aktiwiteite van die brigade soos speletjies-aande, kampe, Christelike praatjies. Elke Maandagaand was Brigade aande en dit was moelik met die destydse *Knight Ryder* van David Hasselhoff en sy pratende motor Kid op TV, maar Kapie, Kaptein Afrika, het ons altyd kom soek. Die hoogtepunt vir alle lede was die provinsiale kompetisies. Dit was elke jaar die spoggeleentheid waarin elke gemeente brigade sy beste vertoon het. Die nommers waaraan die mededingers deelgeneem het was: bataljon verbymarsjeer, stadig marsjeer, spandril, drag, fluit-en tamboerorkes, beulorkes, liggaamsoefeninge en die basuinorkes-verbymarsjeer. Daar was sewe-en-dertig bekers uitgeloof aan die wenners van die verskillende items en die meeste van die bekers is deur firmas geskenk.

Ek onthou soos gister die spog en kompetisie by die Dal Josafat-stadion te Wellington. As een van die kleintjies het ek nie aan baie items deelgeneem nie, maar kon altyd spog met twee ouer broers wat hulle deelname gehad het met die fluit in die orkes van Kraaifontein NG Sendingkerk-Brigade. Jy kon die spanning sny tussen Eersterivier en Kraaifontein se brigades; maar onder die leiding van Kapie, Kaptein Afrika, het Kraaifontein meer as een keer weggestap met die algehele beker.

Kol. Lewis het soms gesê dat mense onder die verkeerde indruk verkeer dat die Brigade 'n militêre en politieke beweging is. Hierteenoor het Kol. verklaar dat die Brigade wel uit is op oorlog, 'n oorlog teen die duiwel want dit is die duiwel wat die verkeerde dinge in ons jong seuns en dogters se harte wil plant. As ek terugkyk dan is dit om na 'n ou foto te staar en te vra hoe jy ooit daardie pak klere kon aantrek en jou kop in trots lig; maar die feit van die saak is dat hierdie metode van uitreik na jongmense en hulle deel maak van die gemeente 'n 100% slaagsyfer gehad het.

### 5.2.2 Die Christelike Sondag

Wanneer ons na die Gereformeerdheid binne die Sendingkerk/ VGK kyk is dit baie belangrik om te verwys na die sterk invloed van piëtisme. Oorkant Kraaifontein VGK is daar 'n sportterrein. Ek onthou hoe ontstoke my vader en die kerkraad was toe daar vir die eerste keer tennis gespeel was terwyl die erediens aan die gang was. Met die druk vanaf die kerk was hierdie aktiwiteite gestaak.

Die destydse Leer- en Studiekommissie het 'n rapport deurgegee aan die Sinode in die laat sewentigs oor die 'hemeltergende wyse' waarop die Christelike Sondag ontheilig word. Besinning oor die ontstaan van die Christelike Sondag is vir baie aanleiding tot veelvuldige vrae: het die Ou Testamentiese Sabbat normatiewe betekenis vir die hedendaagse Sondagviering? Moet alle voorskrifte wat geldig was vir die Sabbat net so onveranderd gehandhaaf word op die Sondag? Indien die Sondag in die Nieu-Testamentiese bedeling die voortsetting van die Sabbat is, op wie se gesag is daar oorgeslaan van die sewende tot die eerste dag van die week?

Christus het die Sabbat vervul. Letterlik opgeneem, sê dr. J.A. Heyns, beteken dit: "al die dae van die week is deur Christus tot Sabbat gemaak" (Ligdraer 1975:98).

Met ander woorde: alle dae behoort aan die Here. Aan die anderkant vestig die kommissie die aandag op die sondige proses van nivellering, wat al die dae van die week so gelykskakel. Die kommissie beklemtoon in die verband die groot seën wat ondervind word in die positiewe viering van die Sondag. Tog het die kommissie aan die sinode gesê dat die terugkeer tot 'n wettiese Sondagonderhouding, waar slegs een dag uitgesonder en onderhou word terwyl al die ander dae veronagsaam word, is ongewens en Bybels nie verantwoord nie. Die Sondag kan dus ook op 'n manier 'n ondraaglike las vir mense word.

Die Sondag is 'n feesdag en die Sondag het by die Kerkvaders 'n besondere plek en karakter verkry in die godsdienstige aktiwiteite van die Christelike gemeente. Dit het selfs in die algemeen bekend gestaan as die “dag van die Here”.

Op die vraag hoe moet die Sondag deurgebring word, kan net een antwoord verstrek word. Op die feesdag moet die gelowige hom besig hou om die heilsweldade van Christus te gedenk en te vier. Die noodsaaklike rus en herstel van kragte, liggaamlik en geestelik, wat 'n seën van Sondag is, beteken dus nie noodwendig ledigheid nie(Ligdraer 1975:98). Dit is 'n aktiewe rus in gemeenskap van God en my naaste en so kan die Sondag tot heil van siele en stigting van die kerk tot eer van God gevier word.

## 5.3 Getuienis na buite

In 1980 word ons as huisgesin bevestig by Kraaifontein NGSK (Kaapstad) deur wyle ds E. Marks. Die gemeente was ook deur 'n evangelis bedien wat soms later tot warm situasies gelei het. Die gemeente was uniek in die opsigte dat daar nog 'n groot wyk ander kant Eikendal se treinspoor gelê het. Tussen die res van die gemeente in Eikendal-area van Kraaifontein en die wyk nl. Scottsville ‘ander kant die treinspoor’ was altyd 'n mate van verbittering. Hierdie wyk het die eredienste en aktiwiteite in Eikendal kerkgebou bygewoon en het in 'n mate ook gesmag na 'n eie tuiste. Hierdie verdeling van Eikendal en Scottsville het elkeen sy eie vereniging van C.S.B en C.K.B. gehad. Dit was 'n veeleisende situasie vir albei my ouers. In die druk proses is my moeder weer gekies as Presidente van die Sirkel van Atlantis. Sy moes ook in hierdie tyd boodskappe lewer vir die Kinderbondboekie, die Sonstraaltjie. Hierdie uitgawes het boodskappe bevat vir verskillende ouderdomsgroepe en ook interpretasie van Kerklike feeste. In hierdie tyd het albei my ouers hulle studies voortgesit; my vader het sy BTh aan Unisa verwerf en my moeder het in 1991 haar BA-graad behaal sowel as haar H.O.D.(Hoër Onderwys Diploma).

Daar was ook 'n Trompoppie groep onder die susters om op te tree by die basaars en die straatmarkte. Wat basaars betref het die gemeente van die Pastoriepaar ook 'n basaartafel verwag. Gevolglik moes my moeder professionele amp beklee en nog as bakster optree. Die C.K.B (Christelike Kinderbond), die Brigade, die Sondagskool moes ook van hierdie bakster iets ontvang omdat ons as die pastoriekinders aan elk van die organisasies behoort. Bydraes vir die kostafel en ook die wyk waarin ons as gesin behoort moes ook bydraes ontvang. Die eise van hierdie gemeente sal nooit kan gemeet word nie; maar die skade was sigbaar. My vader se gesondheid het in hierdie gemeente drasties afgeneem. Konflik van binne die gemeentebestuur het hoogty gevier. As kind onthou ek nog die groepie persone bestaande uit gemeentelede en kerkraadslede wat vir ons as huisgesin 'n opdraande stryd gegee het. Kwessies soos die parkering op die pastorie gronde: ‘dit is nie vir dominee se kinders se motors bedoel nie, maar vir dominee’.

Van ons munisipale rekeninge (elektrisiteit en water) was menigte male beskou as buitensporig; ek noem dit omdat ek as kind altyd verbied was om in somertyd in die sproeier te speel omdat die klagtes sal instroom. So stukkie vir stukkie is daar afbreek gedoen aan elke lid van hierdie gesin.

Die hele huisgesin het in moeilike omstandighede gewerk en gearbei; daar was en is tog vriende soos mnr. en mev. Randy Roelfse, mnr. en mev. N. Fritz, Tannie S Miles, mnr. en mev. Johnny Fransman wat bewys het dat hulle ware vriende van ons as huisgesin is.
Na 'n hele paar jaar ontvang my vader 'n beroep na Durbanville, wat grotendeels uit die klein Kleurlinggemeente, Morningside, en buite plaaswyke bestaan het. Hierdie gemeente was vir my vader en vir ons as 'n oase na 'n moeë woestyntog; 'n Mara na Elim.

Die gemeente was nie finansieel gesond nie en vanweë die goeie verhoudings met die Moedergemeentes kon my vader se salaris betaal word. Gesamentlike nagmaaldienste was by baie van die NG gemeentes gehou en 'n pad van broederskap was gestap saam met my vader. Die verhouding en samewerking vanaf die plase was uitsonderlik goed en daar het talle donasies na die gemeente vanaf boere gekom.

Ongelukkig was die skade klaar berokken aan my vader se gesondheid en op 3 April ontslaap hy in Karl Bremer Hospitaal. Sy laaste boodskap was 7 Maart 1993 vir Vrouedag. Ons moes binne drie maande die Pastorie ontruim en het in Kuilsrivier gaan woon. Ek het as tienerseun my laaste twee jaar van skoolopleiding voltooi aan Hoërskool Durbanville en per motorfiets elke dag gereis. My oudste broer, Vernon, het op hierdie stadium as Chemiese Ingenieur in Johannesburg gewerk en my middelbroer, Marshall, as Elektriese Ingenieur in Retreat (Kaapstad).

Die sanger Luther Vandross sing in sy lied *Dance with my father* wat verskeie toekennings ontvang het:

> *Back when I was a child; before life removed all the innocence my father would lift me up and dance with my mother and me and then spin me around till I fell asleep. Then up the stairs he would carry me and I knew foresure I was loved...*
> *If I could get another change, another walk, another dance with him, I play a song that would never end, how I'd love love love to dance with my father again...*
>
> *Later that night when I was asleep, he left a dollar under my sheet. Never dreamed that he would be gone from me.*
> *If I could steal one final glance one final step one final dance with him I play a song that would never ever end cause I'd love love love to dance with my father again...*
>
> *Sometimes I'd listen outside her door and I'd hear how Momma cried for him, I pray for her even more than me. I pray for her even more than me...*

# 6. 1994-2005

## 6.1 Kerkhistories

### 6.1.1 Belydenis van Belhar

Weekliks bely lidmate in die NG sowel as die VGK met die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis onder andere hul geloof aan *una sancta* en die *communio sanctorium*. Daar is dus direkte ooreenstemming met die Geloofsbelydenis van Nicea dat "ons glo aan een heilige algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels". Hierdie kernagtige belydenis aangaande die kerk word in meer besonderhede in beide die NGB en die Heidelbergse Kategismus (HK) uitgewerk (Loff 1990:4). In artikel 27 van die NGB (Nederlandse Geloofsbelydenis) word die enigheid en die algemeenheid van die Kerk behandel. Deur die formulering "in heilige vergadering" en hierdie "heilige kerk" word al aangegee dat dit om Kerk in die enkelvoud gaan en van hierdie Kerk word geglo dat dit nie net op 'n sekere plek voorkom nie, maar veral wêreldwyd aangetref word. Die Kerk wat oor die hele wêreld "verspreid" en "verstrooid" is, is tog "saamgevoeg en verenig" deur die hart en wil en krag van dieselfde Gees.

Artikel 28 van die NGB lei soos volg:

> Ons glo—aangesien hierdie heilige vergadering ’n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie—dat niemand, wat sy stand of status ookal is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal—as lede van een en dieselfde liggaam—aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien.

> En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie, en hulle by die vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die doodstraf of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.[22]

Wat die HK betref, word dit in die antwoord op vrae 54 en 55 aangedui en weliswaar veel eenvoudiger as in die NGB. Hier word ook onteenseglik oor die eenheid en algemeenheid van die Kerk gehandel. Die gemeente wat "uit die hele menslike geslag...uitverkies is", het as grond die eenheid die "ware geloof" (Loff 1990:5). Hierdie geloof word deur die Gees en Woord van God bewerk.

Uit hierdie Belydenisskrifte van die Gereformeerde tradisie kan een gevolgtrekking gemaak word en dit is dat die Kerke van hierdie tradisie die eenheid van die kerk as deel van hulle geloofsgoed het en die NGSK/VGK is dus 'n kerk wat ook die eenheid as 'n saak van geloof beskou. Dit skryf Prof C Loff is juis die feit hoekom die VGK afgewyk het van die Gereformeerdes te skep 'n vierde belydenisskrif om ten einde die gemeenskaplike geloof aan die " een, heilige, algemene kerk", breedvoeriger en duideliker onder woorde te bring. Die enigste verskil tussen die NGB en die HK aan die een kant en die Belydenis van Belhar (1986) aan die ander kant is dat laasgenoemde net een saak behandel naamlik die kerkbegrip van die NGSK (Loff 1990: 6).

In artikel 2 van die Belydenis van Belhar (1986) het die Sendingkerk verantwoording van sy kerkbeskouing gedoen (Loff 1977: 278). In aansluiting by die historiese Gereformeerde belydenisskrifte, het die Sendingkerk die mees fundamentele kritiek op sy bestaan as 'n kleurbepaalde afsonderlike kerk uitgespreek.

---

[22] *Logos Information Systems*, (NG Kerk Uitgewers: Belydenisskrifte) Kaapstad.

In hierdie artikel 2 van die Belydenis van Belhar word die kerk beklemtoon. Daar word onder andere bely:

“dat die versoeningswerk van Jesus Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling versoen is”

Omdat dit so is, word verder bely

“dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk”.

As logiese uitvloeisel van hierdie geloofsoortuiging, word enige leer verwerp

“wat, uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk”.

Die Sendingkerk het, langs die weg van kerkvereniging, sy afsonderlike bestaan as kleur-bepaalde kerk beëindig omdat die kerkstigting van 1881 nie geregverdig kon word nie(Loff 1977: 278).

Die mees onmiddellike gevolg van kerkvereniging was die nuwe naam van die kerk wat vanaf 14 April 1994 in werking getree het. Dit het beteken dat op die vlak van verskillende kerkvergaderings verskeie administratiewe aanpassings gemaak moes word om vir hierdie naamsverandering voorsiening te maak; instansies soos die handelsbanke, die poskantoor, plaaslike owerhede moes mee onderhandel word om die nuwe identiteit te formaliseer. Daar moes veral werk gemaak word om lidmate en veral kinders met die nuwe identiteit vertroud te maak.

Die primêre skool Schoemanshoek buite Oudtshoorn het egter kort ná die vereniging sy naam verander na VGK Primêr (Ligdraer 1996:3). Dieselfde kon egter nie gesê word vir die sinodale kompleks van die VGK in Belhar nie; na die kerkverening van 1994 het die kennisgewing bord nog met NG Sendingkerk gepryk. Daar was by ander gemeentes die houvas aan die ‘ou naam’ en die gebruik daarvan op kerkgeboue, skole, briefhoofde, ens. was nog prominent.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

In die Ligdraer/Ligstraal van 17 Junie 1996 word die brief deur met Me Edna Pick, voorsitster van die Kaaplandse Vrouediens, gepubliseer. In hierdie skrywe wat aan alle sinodale streke gestuur was, skryf Me Pick dat die vroue van die VGK saam gejuig het oor 'n lang verwagte eenwording wat nou gerealiseer het. Hulle is wel bewus van die 'knellende probleme' wat daar ondervind word binne die nuutgestigte kerk veral rondom die praktiese uitlewing van die eenheid. Sy noem van die aparte aanbidding in verskillende kerkgeboue wat nie deel is van die opbouende proses nie, en juis doen sy 'n oproep in hierdie skrywe aan alle broeders, susters en jeug om die eenheid te bevorder wat daar moet wees.

By die openingseremonie van die Verenigende Gereformeerde Kerk te Belhar naby Belville het die destydse president, Mnr Nelson Mandela, die blydskap uitgespreek oor die vereniging van die twee kerke. *I am deeply appreciative of the significance of this occasion. It is very important that the churches that have always spoken out against apartheid have decided to unify* (Citizen 1994). Wyle Dr. Beyers Naudé het die diens gelei en ander belangstellendes was ook o.a. uit die ANC hoofsweep soos mnr. Trevor Manuel.

Drie jaar later is 'n teken ontvang dat die hoop op een Gereformeerde kerk in Suider-Afrika nie ongegrond was nie want tydens die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, het die Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika van Namibië by die VGKSA ingeskakel.

### 6.1.2 NGKA en kerkvereniging

Hierdie geleentheid van versoening en eenheid sou egter nie sonder struikelblokke geskied nie. Die probleme tussen die twee kerke het ontstaan toe gemeentes van die NGSK in 1994 geweier het om in te val by die gesamentlike sinodebesluit dat die NG Sendingkerk en die NGKA moet saamsmelt om die VGKSA te vorm. Ds. Samuel Kuekeu, destydse moderator van die NGKA, het aan Yssel (Beeld 1996) gesê dat die NGKA nie gekant is teen eenwording nie, maar dat die insluiting van sy kerk by die VGKSA nie die manier is om dit te doen nie.

Op 1 en 2 Augustus 1996 kom die saak voor in die Bloemfonteinse Hooggeregshof waar die wettigheid van die ontbinding van die voormalige NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika om die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika te vorm, getoets word. Die Dagbestuur van die VGK het hom by die hof aangeklop nadat sommige gemeentes in die Vrystaat en Phororo beweer dat hulle die wettige voortsetting van die NG Kerk in Afrika is. Hierdie gemeentes het selfs op die eiendom van die Kerk aanspraak gemaak. Die Hooggeregshof van Bloemfontein is dus destyds gevra vir 'n verklarende bevel wat bepaal of die VGK met sy totstandkoming in 1994 wel korrek en wettig was. Daar was egter baie gemeentes en lidmate sowel as predikante wat gevoel het dat die Dagbestuur nie die Christelike roete neem nie. "Die besluit om die pad van die hof te loop, is op die Dagbestuur afgedwing", sê ds. Appolis(Ligdraer 1996:1).

Hierdie gemeentes van die Vrystaat het in September 1995 'n "sinode" van die NGKA gehou. Gedurende die vergadering het hulle besluit dat hulle die wettige opvolger van die voormalige NGKA verteenwoordig (Ligdraer 1996:2). In die lig van hierdie besluit het hulle aanspraak gemaak op die kerklike eiendom van die voormalige NGKA (Vrystaat) en na hierdie "sinode" het hulle die "NGKA-broeders" en die Dagbestuur op 15 November 1995 voor die keuse gestel om hulle te erken anders is daar geen verdere samesprekings.

Die Dagbestuur het hulle daarop gewys dat die voormalige NGKA en NGSK ontbind en verenig het om die VGKSA te vorm (Ligdraer 1996:2). Sover dit die Dagbestuur betref het hulle na biddende en langdurige gesprekke asook die wettigheid van die VGKSA se bestaan geen ander keuse gehad as 'n bevel te versoek van die geregshof.

Regter van Coller het in September bevind dat die NGKA nie meer bestaan nie en dat die bestaan van die VGKSA regsgeldig is. Hy het ook gelas dat die lede van die twee sinodes van die destydse NGKA nou in die VGKSA opgeneem is. Die NGKA het ook met die samesmelting opgehou om te bestaan, en die regte, voorregte, eiendom, bates en laste is na die nuwe kerk oorgedra (Versluis 1996:9). Die NGKA se sinodes van Phororo en Oranje-Vrystaat het verlof gekry om te appelleer teen die uitspraak.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

27 November 1998 het die Appèlhof in Bloemfontein besluit dat die Algemene Sinode nie die parlement van die Kerk is nie en dat die bestaan van die NGKA geldig is. Die moderature van die NGKA het hierop gereageer en gesê dat hulle nie die bestaan van die VGK erken nie en dat mense die reg gegun moet word om hul eie kerkverband te vorm. Ons wil ook nie die VGK beveg of vernietig nie...Ons vertrou ook dat hierdie uitspraak sal bydra tot gesonde gesprekke oor kerkeenheid, vry van druk en manipulasie en dat ware en blywende eenheid sigbaar sal word (Kok 1998:2).Prof Pieter Potgieter, vorige moderator van die Alg. Sinode van die NG Kerk, het gesê dat die uitspraak toekomstige gesprekke oor kerkeenheid aansienlik makliker maak. Die VGK sou met die opvolgende Algemene Sinode reageer op die besluit van die Appèlhof.

Voor hierdie Algemene sinode het ds. Nick Appollis laat blyk dat hy binnekort gaan aftree. Ds. Appollis neem op 2 April afskeid van die gemeente Worcester-Oos en emeriteer op 20 April 1997. Ds. Appollis het na sy vrou se dood besluit om nog 'n paar maande verder te werk, maar wou al die vorige jaar aftree. Ds. James Buys, aktuarius was een van die prominente kandidate, maar toe die ringe afgevaardigdes moes aanwys, is dit nie besef dat moderatuurslede nie *ex officio* afgevaardig is nie. Ds. Sam Buti, vorige moderator van die NGKA, is deur sommige kerkleiers as die waarskynlike opvolger van ds. Appollis bestempel, maar ander predikante het egter gesê dat ds. Buti steun verloor het in die ou NGKA.

Ds. James Buys van die ring van Wynberg in die Kaap wat op die nippertjie na die sinode afgevaardig was, is toe as die moderator verkies van die tweede Algemene Sinode van 1997. Buys het ds. Marcus Maphoto, destydse moderator van Noord-Transvaalse Sinode, in die eindronde met 88 stemme teenoor 78 verslaan en Maphoto is net daarna tot assessor verkies. Hierdie verkiesing van weereens 'n Kaapprovinsie predikant as die moderator was en is nog een van die teer punte tussen die destydse Sendingkerk wat grootliks lidmate van die Kaapprovinsie gehad het en die Noorde.

Tydens die sinode was die taalbom verder die spits gedryf tussen die twee faksies. Ds. Zack Mokgoebo het beswaar aangeteken omdat die agenda net in Afrikaans opgestel is.

“Hoekom Afrikaans? Die VGK wil juis wegbeweeg van 'n beeld van 'n Boerkerk”(Retief 1997:1). Mokgoebo het die kwessie begin toe hy sy saak in Sotho gestel het.
Ds. Buys, voorsitter, het hom na sy toespraak gevra om te vertaal vir diegene wat nie Sotho verstaan nie, maar Mokgoebo het die versoek geweier (Retief 1997:1). Ds. Zack Mokgoebo het gesê dat dit sy reg is om in sy eie taal te praat, maar die Voorsitter het daarenteen verklaar dat dit handel oor maksimale deelname by sinode.

Nog 'n knelpunt tussen die twee kerke is byvoorbeeld die NGKA se besluit dat predikante van die VGK nie na die NGKA se gemeentes beroep kan word nie. Die besluit is geneem omdat die VGK die Belhar Belydenis aanvaar het, terwyl die NGKA dit nog nie gedoen het nie (Jackson 2000: 7).

By die derde Algemene Sinode van die VGK was daar besluit dat die kerk se uitvoerende komitee onderhandelinge begin met die NGKA. Die kwessie het nou gehandel oor die pastorieë en kerkgeboue wat die VGKSA nou aan die NGKA moet oorhandig na die hofuitspraak. Die Moderator van die VGK het gesê dat die hofsaak 19 November 2001 afskop en dat daar indringend onderhandelinge moet geskied voor die datum. Buys het gesê ‘ “elke keer as ons (VGKSA) 'n bietjie geld het, het die regskwessie in die Vrystaat en Phororo-streek (Noord-Kaap) dit uitgeput”(Versluis 2001: 4). Teen 8 November 2001 het die bemiddeling tussen die VGK en die NGKA misluk en sou die twee Kerke mekaar pak in die hooggeregshof. Mnr. Daan Nortier, prokureur wat 31 NGKA-gemeentes in die Vrystaat verteenwoordig, het gesê die eerste saak kom op Maandag 19 November (2001) in die hooggeregshof in Bloemfontein voor (Jackson 2001:5).

### 6.1.3 NGK en kerkvereniging

Die Wes-Transvaalse Sinode van die NG kerk het Maandag 10 Augustus 1998 tydens 'n spesiale eendagsitting oor die Belydenis van Belhar besluit dat daar tans geen behoefte aan 'n vierde belydenisskrif uit die hart van die NG Kerk in Wes-Transvaal kom nie. Die sinode het egter verklaar dat hy die Belydenis van Belhar as 'n kreet uit die hart van die VGK gehoor het. Hierdie sinode was deel van die diepgaande gesprek wat daardie tyd in die geledere van die NG Kerk geskied het.

Hierdie gesprek van die sinode het op 'n hoë vlak plaasgevind aan die hand van 'n verslag van die sinode se Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.

Die kommissie het bevind 'dat daar geen teologiese rede is waarom Belhar nie deur die NG Kerk as belydenisskrif aanvaar kan word nie', maar gevra dat saam met die VGKSA gekyk moet word na formulerings van Belhar wat moontlik misverstande kan veroorsaak(Beel 1998:1). Prof Durand (Insig 1997) skryf in hierdie artikel dat die NGK nie die Belhar belydenis wil aanvaar nie omdat dit glo 'n bevrydingsteologie as agtergrond het en dat die belydenis gesien moet word as 'n politieke dokument. Prof Durand verklaar ook dat hierdie siening wat met groot stelligheid voor gedra word niks anders as 'n rookskerm om te keer dat 'n dieperliggende verset ontbloot word.

Die NG Kerk in die Vrystaat is ten gunste van kerkeenheid en soek na eerlike maniere om uitdrukking aan kerkeenheid te gee en die Belydenis van Belhar hoort egter tot 'n sekere tydvak. Dit is op grond van hierdie gegewens dat die Vrystaatse sinodesitting Donderdag 8 Oktober 1998 opnuut bevestig het dat die VGK se vereiste vir aanvaarding van die Belhar vir kerkvereniging onaanvaarbaar is. Meer as 99% predikante en lidmate van die NG Kerk in die Vrystaat is teen die insluiting van Belhar as vierde belydenisskrif (Tonder 1998:2). In die Wes-Kaap het die proses van kerkvereniging egter seepglad verloop. Hierdie deel van die NG Kerk voer nou aan dat die Belhar Belydenis 'n sterk boodskap van rasseversoening dra en dit gepas is om as 'n vierde belydenisskrif in die kerk te aanvaar. Sake het so gevorder in die Kaap dat na die Konvent tussen NGK en VGK is besluit dat daar besluit is dat daar begin moet word met 'n opstel van 'n eietydse uitleg van die belydenis sodat dit as 'n algemeen aanvaarbare belydenisskrif dwarsdeur die ganse NG Kerk kan geld. Hierdie bevinding sou egter eers voor die Kaapse sinodes voorgelê word.

Terwyl die onmin broei op die grondvlak van die NG Kerk-familie, het die vier moderature van die NGKA met die van die NG Kerk, die VGK en die RCA 27 Januarie 2003 vir die eerste keer vergader om oor kerkeenheid te gesels. Die gesprek word beskou as 'n deurbraak omdat dit die eerste keer was dat die moderature vergader het. Nog vordering na eenheid is gemaak toe die samesmelting van die Sinodale Kommissie van Diens van Barmhartigheid van die NG Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaap), en die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste van die VGK.

Wanneer daar teruggekyk word na die geskiedenis van die NG Kerkfamilie het die kerk 'n baie hartseer geskiedenis weens die skeiding wat ontstaan het (Kerkbode 2003:2).
So het ds. Mark Arendse, voorsitter van die VGK se Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste gesê tydens die bekendstelling van Badisa(maatskaplike diensorganisasie). Ds. Arendse verklaar verder dat die skeiding van die kerk 'n daad van sonde was. Die samewerking wat daar nou tussen die twee kerke is vorm deel is van die helingsproses.

Teen Oktober 2003 het die Oos-Kaapse Sinode soos die van Sinode van Wes-Kaap besluit dat die Belydenis van Belhar ingesluit moet word in 'n belydenis grondslag van 'n herenigde kerk. Soos die Wes-Kaap het hulle 'n voorstel dat die herenigde kerk se belydenisgrondslag in terme van konsentriese sirkels beskryf word:

- In die middelste sirkel is die Bybel,
- In die tweede sirkel is belydenisse soos die Twaalf Artikels wat deur byna alle kerk; onderskryf word;
- In die derde sirkel is die gereformeerde belydenisskrifte wat deur alle gereformeerde kerke aanvaar word;
- In die vierde sirkel is eietydse belydenisskrif soos Belhar waartoe almal hulle nie op dieselfde manier hoef te verbind nie;
- In die vyfde sirkel is ander kerklike dokumente.

Die jaar 2003 eindig op 'n positiewe nood met 'n huweliksbevestiging in Rouxville. Geskiedenis is gemaak toe die eerste troue van lidmate van die VGK in meer as 'n eeu van aparte kerke in die NG Kerk voltrek is (Smith 2003:7). Die troue was na die voormalige VGK-lidmate volle lidmaatskap van die NG Kerk ontvang het. Die Rietrivier-gemeente van die VGK het van Gariepdam tot Wepener getrek met ds. Kees Apello wat die gemeente vir 17 jaar bedien het en met sy vertrek was sy pos vakant. Daar was toe agt bruin gemeenskappe wees gelaat. Die onderskeie NG moedergemeentes het elkeen sy VGK-lidmate as volwaardige NG lidmate oorgeneem en begin bedien.

Die moedergemeente is verantwoordelik vir twee eredienste per maand in hul kerk gebou, maar die Uitkoms-lidmate woon ook spesiale dienste soos Goeie Vrydag, Kersdag en die Kerssandiens by (Smith 2003:7).

Nog 'n positiewe gebeurtenis op die pad na kerkvereniging het so pas tydens hierdie jaar(2005) se Algemene Sinode van die VGK gebeur. Dié sinode het so pas prof. Thias Kgatla (55), moderator van die VGK met 89 stemme teenoor Boesak se 77 verkies. Prof. Kgatla wat nie wyd bekend is in kerklike kringe nie, word die VGK se eerste swart moderator sedert totstandkoming van die kerk in 1994. Die nuwe moderator is 'n professor aan die Universiteit van Limpopo en het twee doktorsgrade in sendingwetenskap en godsdienswetenskap. Dr. Kobus Gerber, hoofsekretaris van die NG Kerk, het ingenome op Kgatla se verkiesing gereageer.

“Prof. Kgatla is iemand wat volkome verbind is tot kerkeenheid en sal regtig help om die proses weer op spoor te kry”(Jackson 2005:4).

## 6.2 Kerkwees, Gereformeerd wees, Spiritualiteit

As deel van die Gereformeerdheid van die NGSK/VGK se jonglidmate sal ek grotendeels gebruik maak van die proefskrif “Vroeë volwasse lidmate se Kerklike meelewing binne die Verenigende Gereformeerd Kerk: ‘n Empiriese studie in die Ring van Wellington” deur Me. Anita L Kwago vir voorlegging van Magister Diaconiologiae.

In hierdie studie van Me. Kwago oor kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate verwys sy na skuiwe in die samelewing:

- Tendense op makro-, meso- en mikrovlak( globalisering wat wêreld verklein);
- Modernisme waarmee sekularisasie ‘n optimistiese lewenshouding verklaar waarin God ‘n kleiner wordende rol speel, materialisme is nog ‘n kenmerk van modernisme;
- Postmodernisme met die openheid vir alternatiewe ook met godsdiens;
- MIV/VIGS-epidemis wat een van ons land se grootste uitdagings is;
- Oorgang vanaf apartheidsbedeling na demokrasie-hier hardloop die frustrasie vanaf die jeug hoog vanweë leë beloftes vanaf die regering;
- Weerloosheid en armoede. Volgens die Youth Report deur CASE het 41% van die jeug werkloosheid as een van die grootste probleme in Suid-Afrika uitgewys (Kwago 2003:22);
- Geweld op die Kaapse vlakte kan nie losgemaak word van die jeug se verstaan van God/godsdiens nie;

Die volgende is beskrywings van hierdie huidige vroeë volwassenes:

- Gebrek aan betekenisvolle verhoudings- hulle leefwêreld was een toenemende afwesigheid van stabiele en betroubare verhoudings. Baie van hierdie volwassenes kom uit gebroke gesinne vanweë egskeidings of ouers as afwesig beleef omdat albei ouers werk;

- Selfgenoegsaam en skenk moeilik vertroue omdat hulle dikwels in hul grootword in die steek gelaat is;

- Hopeloosheid;

- Pragmatistiese- generasie stel nie soseer belang daarin of iets waar is nie, maar of dit werk;

- Leef met verandering en omhels dit;

- Hou van musiek en stories en gebruik dit as ‘n uitdrukkingskanaal;

- Unieke leer-en kommunikasiestyl-die groep word daagliks gebombardeer met inligting en vandaar die kort aandagspan;

- Gesag word aan die persoon gekoppel en nie aan posisie nie- respek moet m.a.w. verdien word;

- Deel van ‘n “global youth culture”;

- Realisties en aanpasbaar;

- Aanvaar ander maklik: die generasie is baie gevarieerd met betrekking tot etnisiteit, agtergrond, leefwyse,ens.;

Laastens gee sy na gelang van hierdie unieke kenmerke van die generasie moontlike redes vir kerklike onbetrokkenheid:

- Onttrekking aan georganiseerde sosiale instellings;
- Vrywillige organisasie;
- Kerk nie integrale deel van mense se lewens nie;
- Generasie meer professioneel ingelig- en die gevolg is dat die dogma en morele praktyke van die kerk bevraagteken word;
- Mobiliteit- die gemiddelde volwassenes was teen die ouderdom van 35 by ±4 maatskappye werksaam;
- Liberaal en skepties teenoor outoritêre tradisionele instellings;
- Morele begeleiding deur die kerk onvoldoende of te vaag;
- Wyse van evangelisering- die generasie staan skepties teenoor instansies wat verklaar dat hulle alles weet;
- Gebrek aan gemeenskap van gelowiges-die koue afsydige onderlinge verhoudinge in die liturgiese gemeenskap stoot mense weg;
- Kategese en Ouers- altwee hierdie partye kan ‘n positiewe of negatiewe indruk werp oor godsdiens en die kerk op jong individue.

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

Die VGK-kind het dus oor die jare 'n mate van vervreemdheid teenoor die kerk beleef. Hierdie onbetrokkenheid wat ontstaan het vanweë verskeie faktore, sosiologies sowel as teologies, het die bediening van jong volwassenes 'n groot terug slag toegedien. By verskeie VGK is die bediening van jeugdiges afwesig. Myns insiens, as 'n jong volwassene wat groot geword het in die NGSK/VGK, lê die kern van die probleem by die gemeentelike die erediens.

Soveel NG gemeentes in Suid-Afrika maak gebruik van Jeugwerkers wat spesiaal opgelei is vir die bediening aan die jongeres in die gemeentes. Hierdie gebruik is afwesig in VGK-gemeentes omdat finansies hier 'n rol want sommige VGK-gemeentes kan selfs nie leraars bekostig nie. Die kind van vandag is opties ingestel; hoeveel gemeentes in die VGK kan dit bekostig om 'n projektor van hul eie aan te koop.

Ongelukkig is dit nie 'n grondige rede vir die ‘weglating’ van die jongeling in die erediens nie. As dit by die erediens kom, dan is dit duidelik sigbaar dat die kind nie betrek of geakkommodeer word nie; die VGK-gemeentes in hierdie konteks sal hulle bedieningstrategie teenoor kinders dringend moet verander. As self 'n Karoo-kind is die eredienste te ver vir die kind omdat liturgiese elemente onbuigsaam aangebied word. Hierdie eredienste betrek slegs die volwassenes in die gemeente en vervreemd die jong gedagtes in die kerk. Die ou benadering van ‘eers groot word en daarna deel van die gemeente’ is nog prominent in die VGK.

Die jeug kom immers in die Bybelse teks en in die konteks as tweede teks van die prediking voor en dit is ook nie so moeilik wanneer die jeug deel van die prediker se agenda of teks is nie. Wie jeug dink, dink aan die jeug wanneer hy/sy preek (Malan 1998:89).

Waar mense op grond van *leitourgia* van Christus toetree tot die teenwoordigheid van God is daar 'n dinamika wat niemand die jeug mag misgun nie en hierdie dinamika mag nooit deur vaste agenda gestol word nie. In Kaapstad waar die grootste aantal kinders Engels sprekend is, is dit altyd jammer as familie van my hulle kinders na ander kerke moet neem om die Woord van God in hul verstaanbare terme wil hoor. Hoe maklik sou dit nie vir 'n gemeentes wees om ekstra erediens op 'n Sondag te hê vir gemeente lede wat hul kinders in Engelse medium wil grootmaak nie.

Die generasie adolessente is baie gevarieerd met betrekking tot etnisiteit, agtergrond, leefwyse en blootgestel aan ander godsdienste/gelowe. Veral die dooplidmate word blootgestel aan ander godsdienste deur middel van Lewensoriëntering op die skoolbanke. Baie ouers raak mismoedig en kan nie altyd nie antwoorde op die vrae van hierdie kinders nie. Ouers sal hulle moet inskerp in die Christelike geloof en al die fasette daarvan omdat ouers die eerste linie van bediening is. Ouers is dus die primêre bemiddelaars van die heil wat deur die Verbondsmiddelaar bewerk is. Net soos ouers 'n negatiewe vervreemdingsproses onder kinders en jongmense kan bewerk, kan en moet hulle in hul verbale modellering sowel as lewenstyl as die evangelie verkondig aan hul kinders.

Die eerste en belangrikste instansie van toeligting was die verbondsouer, veral die pa as gesinshoof (Exodus 10:2) en die ma in die morele vorming van die kind (Spreuke 1:8).

Exodus 10:2: “Dan kan jy aan jou kinders en kleinkinders vertel wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het en watter wonders Ek onder hulle verrig het om julle te laat besef dat Ek die Here is.”[23]

Spreuke 1:8: “My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee; moenie wat jou moeder jou leer, verontagsaam nie” [24]

[23] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, (Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika) 1983.
[24] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, (Suid–Afrika: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika) 1983.

Die voorbeeld van die ouers is belangrik om vir die kind rigting aan te dui; die kind se geloof word opgewek met die interpersoonlike verhoudinge wat daar binne in die gesin plaasvind. Waar daar liefde weerspieël word, sal die kind leer dat God liefde is. Die ouers is eintlik die kind se eerste kategeet, want wat die ouer sê of doen, dit sal die kind ook naboots.

In konklusie kan ons saam met Me. Kwago stem dat die jonger generasie meer professioneel georiënteerd is en nie bereid is om na preke en praatjies te luister wat my as Millennium-kind uitdaag nie. Morele begeleiding deur die kerk vir hierdie generasie is ook te vaag veral oor kontroversiële kwessies. Die tekortkominge in kategese en ouer lidmate wat nie die behoeftes van jong volwassenes en hoe hulle bedien word, in ag neem nie, is een van die kern redes vir kerkvervreemding van die jeug.

## 6.3 Getuienis na buite

Die lewe moes aangaan. Ek en my moeder verhuis dieselfde jaar(1993) na my pa se dood na Kuilsrivier (Kaapstad). Ek voltooi egter my skoolloopbaan aan Hoërskool Durbanville en my moeder maak haar laaste drie jaar klaar by Petunia Primêre Skool te Kraaifontein. Dit het baie sukkel gegaan met die 'manlike pligte' in die huis. My moeder moes leer om beide skoene vol te staan. Vervoer was 'n probleem alhoewel die blink nuwe ryding van my vader in die motorhuis gestaan het, kon nie een van ons twee die stuur neem nie. Gelukkig was daar die ondersteuning van die Klein-gesin ook in Kuilsrivier.

My moeder se broer, Oom Henry Klein, het ingestaan daar waar my vader nou ontbreek het. Met sy glimlag en geduld kon hy my moeder vervoer en met sy kennis van 'persoonlike administrasie' kon hy ons te hulp staan. Ek onthou nog hoe hy ons kom haal vir die soektogte na 'n nuwe woning in Kuilsrivier terwyl ons nog in die pastorie van Durbanville gevestig was. Wyle Oom Henry sal verseker gemis word deur die Steenbok-gesin en in dankbaarheid sal ons altyd aan hom dink.

Na my Hoërskool loopbaan in 1994 is ek ongehoorsaam aan die roeping van God en ek registreer my vir die Ingenieurskursus by die Kaapse Technikon. Na drie jaar van studie en twee jaar van industrie werk bevind ek my in 'n emosionele woestyn. Dit is toe juis net daar waar ek gelukkig weer die roeping van God ontvang. Ek neem die geloofstap en registreer aan die Universiteit van Pretoria vir die teologiese studies. Hierdie fakulteit het werklik vir my 'n tweede tuiste geword. Ek is seker die enigste student wat na die dissipline van die fakulteit verlang as dit vakansietyd is. In die afgelope 7 jaar was ek by die fakulteit 'tuis' en is dit vandag, met hierdie skrywe, dat ek my vir 'n oomblik anders as my klasmaats beskou omdat ek die eerste student van die 'VGK-afkoms' is.
Ek was nog nooit anders benader deur professore/ dosente en deur my mede studente omdat ek die enigste anderskleurige in die klas is nie; vir my is my mede studente my vriende en die proffies my proffies.

Toe ek dan in 2003 vanweë logistieke en persoonlike probleme as’t ware gedwing was om 'n skuif te maak vanaf my geboorte kerk, die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk/ VGK, was dit vir my 'n hartseer gebeurtenis omdat dit my pa se kerk en daarom ook myne was. Dit was ook ‘n tydperk waar daar baie onsekerhede was in die opleiding van die teologiese studente van die VGK omdat daar 'n skuif was vanaf Turfloop[25].

Deur die aanmoediging van 'n klasmaat, ‘Kerk is Kerk- dus een Liggaam’, maak ek toe die vreesbevange oorgang na die NGK. Met 'n groot vrees in my hart is ek die volgende Sondag na my naaste NGK vir die oggenderediens en met my eerste paar tree onthou ek die afgryslike geskiedenis en kan al klaar sien dat ek onwelkom gaan wees. Tot my verbasing, terwyl ek nog so negatiewe gedagtes koester, ontvang ek my eerste vriendelike groet van 'n ouerige blanke oom wat my welkom heet by die diens.

Dit is nou vier jaar na hierdie oorgang na die NG Kerk en ek is tans werksaam by NG Tygerpoort as die Getuienis-Projekkoördineerder. Ek verrig ook my gemeentejaar as vereiste vir legitimasie (17 November 2005).

Dus is ek in my finale jaar van teologiese studie aan die Universiteit van Pretoria. Die pad was nie maklik nie en daar was verseker tye, meer as een, waar ek gewonder het of dit die moeite werd is. Ek het dan 'n vorige kwalifikasie en kan nou eindelik sonder enige kommer vir my wetenskaplike amp verkry. Hoekom moet ek saans na klas tot in die oggend ure van die volgende dag by 'n restaurant werk as 'n kelner. Hoekom moet ek as brandarm student 'n praktiese teologie toets druip omdat ek nie betyds die voorgeskrewe boek kon aankoop nie. Ja! Dit het baie moeilik gegaan, maar verseker was ek nie alleen op die pad nie. Juis die tye wanneer ek wou omdraai, het God my opgetel en my moed gegee. My dankbaarheid aan God kan nie omvang of beskryf word met menslike woorde nie.

[25] Prof Klippies Kritzinger, voorsitter van die bestuurskomitee van die skool, sê die kerk se seminarie wat vroeër by Turfloop naby Polokwane gesetel was, het die afgelope paar jaar nie meer gefunksioneer nie (Jackson 2003:16).

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

# 7. <u>Die Pad vorentoe</u>

Die gevolgtrekkings vloei grotendeels voort uit geskrewe bronne veral koerantartikels, omdat daar nog nie werklik historiese opnames gedoen is na 1994 nie. Tesame hiermee was daar in kleiner mate empiriese navorsing as deel van 'n oop gesprek gevoer met tien lidmate van die VGK Durbanville oor hulle insae mondelings sowel as skriftelik. Voordat ons egter by die konklusies kom is 'n terugblik op die doelstellings van hierdie studie kardinaal.

## 7.1 Die doelstellings soos geformuleer in die probleemstelling en hipotese as volg:

- Die Kerk staan nie los van die sosiologiese bewegings, nl. politiek, ekonomie, sekularisasie, emansipasie van vroue, ens.

- Hoe het hierdie bewegings die Kleurlinggemeenskap sosiaal en kerklik geaffekteer.

- Hoe beïnvloed hierdie 'skawing' die Godsbeeld van hierdie etniese groep.

- Hoe beïnvloed die Godsbeskouing verhoudings met ander kerke in die gereformeerde familie, m.a.w. strem of bevorder dit die proses van kerkvereniging.

- Die onbekende pad vorentoe.

## 7.2 Armoede

Armoede het 'n groot deel uitgemaak van die VGK-lidmaat se bestaan. In Bylae A met die vraeboog was twee gemeentelede uit tien wat geantwoord het dat hulle herinneringe 'swaarkry' en 'armoede' was. Menig male kon gemeentelede nie hul daaglikse brood aankoop hoeveel te meer nog bydra tot die gemeentes koffers. Die verstaan van God wat 'n voorsiener is, is hieruit gebore.

Hoe talle kere onthou ek my vader se preke oor God wat nooit sy volk sal teleurstel nie; wat manna sal laat reën vir die honger hier op aarde. Hoe min verstaan die res van die samelewing in Suid-Afrika hoe dit voel om sonder 'n stukkie brood te gaan slaap. Hoe voel dit as pa huis toe kom die einde van die maand en niks het om mee te gaan inkopies doen nie. Hoe voel dit om in die vorige blanke areas te loop en deur die heining te sien hoe kinders baljaar in die swembad, en die speelpark in die deurmekaar gebied ander kant die treinspoor nie eens 'n enkele swaai het nie. Hoe gesels jy rondom 'n tafel met 'n persoon van 'n ander kleur wat nie werklik weet hoe voel dit om arm te wees nie; om werklik honger te hê en niks anders te het as God nie.

**7.3 Emansipasie van die VGK-Vrou**

Dit was skokkend om te hoor by my moeder, Corrie Steenbok, hoe die Leraarsvrou *Ipsi Facto* die Voorsitter van die C.S.B en C.K.B. en C.J.B. was. Hoe sy en die jongedogters Saterdae langs die Sokker en Rugbyveld mielies gebraai het en Gemmerbier verkoop het. Hoe verskillend is die deelname van (pastorie)vroue tans in gemeentes nie. By die Sinode 6 Oktober 1982 verklaar dr. Hannes Adonis van Goodwood dat die amp van predikant, ouderling en diaken voortaan vir die vrou oop sal wees. Die reaksie vanaf die res van die gereformeerde vroue was baie positief; mev. Selma van Wyk, bekende skryfster en eggenote van ds. Attie van Wyk van die sendinggemeente Durbanville verklaar dat “die vrou kan altyd beter deur 'n ander vrou bearbei word”.

Die rol van vroue het dramaties verander die afgelope dekade. Ek het meer dames studente in my klas as wat daar manspersone is. Nie net by die teologiese fakulteit het die prentjie verander nie, maar ook radikaal in die samelewing waar vroue nou die grootste inkomste verdieners in Suid-Afrika is. Vanweë die Wet op Gelyke Indiensneming is die mag van die ekonomie in die hand van die moderne vrou. Twee scenario heers; een waar die predikant se vrou 'n sekulêre beroep beklee en geen deelname het aan die kerk se aktiwiteite nie; 'n ander scenario waar die vrou die self die Bedienaar van die Woord is.

**7.4 Sekularisasie**

Menlyn-inkopiesentrum te Pretoria bedien ±1-2 miljoen besoekers oor 'n naweek en in hierdie sentrum is Suid-Afrika se suksesvolste bank nou oop vir diens op 'n Sondag.

Dit is die nuwe era waar Christen kinders moet leef. Die destydse brigade waar jongedogters en seuns met uniforms na die kerk gemarsjeer het is verby. Dié metode van evangelisasie was briljant en het baie sukses behaal. Die vraag is nou hoe gemaak; wanneer die nuwe Generasie X en Millenniumgenerasie die kerk saam met alle vorige outoritêre instellings se ‘waarhede’ met 'n knippie sout neem. Hoe gaan die VGK die jong anderskleurige kinders wat binne 'n nuwe bedeling as geëmansipeerdes weer terug kry by die kerk terwyl 50% van hierdie individue so mobiel verkeer dat hy/sy twee keer 'n jaar in die buiteland verkeer. Die kind van apartheid het grootgeword en is moeg om politiek van die kansel af te hoor; hy/sy wil weet wat God nou kan vir hom/haar kan beteken.

**7.5 Godsdiens**

Die minderwaardigheidsgevoel van die Kleurlinggemeenskap hef God tans op. God is die God van regverdigheid wat heers oor die kosmos en wat nie sluimer en slaap nie. Wat die stem van mense wat onregverdig behandel word aanhoor en hulle verlos van hulle noodkreet. Die goddelose wat ongehoorsaam is aan God se gebooie sal nie ongestraf bly nie. Die wat God se gebooie gehoorsaam en Hom respekteer as die Formeerder; sal gered word. Dit is duidelik dat die piëtisme diep wortels gelê het in die NGSK/ VGK. By Vraeboog in Bylae A het drie gemeentelede in kort woordjies soos ‘geordendheid’ ‘besondere respek’ ‘rustige/gewyde atmosfeer’ geantwoord by beide vraag 1 & 2 oor hulle vroeë herinneringe.

By die Sinode van die NGSK 1978 het die bespreking en besluitneming oor apartheid 'n besondere momentum geneem en van die besluite was dat God in sy oordele regverdig is, is dit noodsaaklik dat die aardse regters ook na regverdige oordele moet streef.

Die regspleging moet in eerste instansie die karakter dra dat God aan die wat onreg ly, reg verskaf en aangesien die reg 'n gawe van God is en gevolglik 'n gawe van Sy liefde. Die Moderatuur van die NGSK in Suid-Afrika het op 30 Maart 1960 verklaar dat die betoging en die onrus tekens is van 'n sondige wêreld.

Dr. Allan Boesak som dit so mooi op in een van sy onderhoude: "Mense soos ons wat arm was en geen mag gehad het (op een of ander manier), ons inspirasie en troos moes put uit die Woord wat vir ons sê, dat God die Vader van die weduwee en wese is"(Die Ligdraer 1982: 246).

**7.6 Belydenis van Belhar**

In 'n artikel skryf Prof Durand (Insig 1997) dat die NGK nie die Belhar belydenis wil aanvaar nie omdat dit glo 'n bevrydingsteologie as agtergrond het en dat die belydenis gesien moet word as 'n politieke dokument. Prof Durand skryf dat hierdie siening wat met groot stelligheid voorgedra word niks anders as 'n rookskerm om te keer dat 'n dieperliggende verset ontbloot word. Dit is nie net die NG Kerk wat gekant is teen die Belhar Belydenis nie, maar selfs binne die nuwe VGK het die NGKA besluit dat die predikante van die VGK nie na die NGKA beroep kan word nie omdat die Belhar Belydenis nog nie aanvaar was deur die NGKA nie.

Ds. Samuel Kuekeu, destydse moderator van die NGKA, het aan Yssel (Beeld 1996) gesê dat die NGKA nie gekant is teen eenwording nie, maar dat die insluiting van sy kerk by die VGKSA nie die manier om dit te doen nie. Teen Oktober 2003 het die Oos-Kaapse sinode van die NG Kerk soos die van die Wes-Kaap gemaak dat die Belydenis van Belhar ingesluit moet word in 'n belydenis grondslag van 'n herenigde kerk, maar die Wes-Transvaalse Sinode van die NG kerk in 1998 tydens 'n spesiale eendag-sitting wat oor die Belydenis van Belhar gehandel het, besluit dat daar tans geen behoefte aan 'n vierde belydenisskrif uit die hart van die NG Kerk in Wes-Transvaal kom nie.

Myns insiens het Prof. Durand die groot vraag reeds genoem; Belhar Belydenis is dit 'n politieke dokument of kerklike dokument? Is daar te veel politieke konnotasies en wonde van die NG Kerk oor die destydse *status confessionis* wat die belydenis voorgeloop het. Is die NG Kerk nog steeds seer oor die dramatiese gebeurtenis by Ottawa waar elf verteenwoordigers van die jonger NG kerke kort voor die diens 'n verklaring af gelê het waarin hulle aandui dat hulle onttrek van die diens omdat anderskleuriges nie in Suid-Afrika by die nagmaal in die blanke gemeentes van die NGK en die NHKA mag aansit nie.

Wat die NGKA en die Belydenis van Belhar betref lê hierdie kwessie dieper as wat die oog verraai. Myns insiens noem ek dit die Sinai-kwessie. Die Belhar kerkkantoor en kerkgebou van die gemeente Suid-Afrikaanse Gestig in Belhar het die Sinai gebergte geword van die VGKSA. Dit is 'n spel tussen Kaapprovinsie teenoor die Noorde van die land waar die Kaapprovinsie die spel heeltemal oorheers. Wanneer ds. Sam Buti die gunsteling is om die leisels by ds. Appollis oor te neem as moderator tree ds. James Buys op die nippertjie na vore en word verkies as die volgende moderator. Myns insiens voel die Noorde en veral die gemeentes in die Vrystaat, wat hulle gewend het tot die hof oor die kerkvereniging, dat alle besluite sonder konsultasie geneem word uit die Kaapprovinsie. Belhar is die berg van Sinai waar die 'verlossing' begin het en daarvandaan kom die geregtigheid vir almal (in die kerk). Selfs nou (Oktober 2005) met die sinode te Kwazulu-Natal was daar sprake dat Dr. Allan Boesak, met sy 'geskiedenis', die volgende moderator sou wees terwyl daar 'n gevoel was vir 'n leier uit die vorige NGKA. Prof. Kgatla wat nie wyd bekend is in kerklike kringe nie, word tot verbasing gekies as die VGK se eerste swart moderator sedert totstandkoming van die kerk in 1994.

**7.7 Die pad vorentoe: die soeke na eenheid**

Dit was met hartseer dat ek lees van Dr. Sunette Pienaar van NG-gemeente Skuilkrans se bedanking uit die NG Kerk as bedienaar van die Woord. Dr. Pienaar was teleurgesteld oor die feit dat 'n wit Amerikaanse teoloog genooi was om met die afgevaardigdes by die predikante byeenkoms te Bloemfontein(2005) te praat oor roeping in Afrika en nie 'n Afrika-teoloog nie. Haar mening is dat die NG Kerk al in 1994 'n oop gesprek gehad het met die VGK vir kerkvereniging. Hierdie gevoel heers nie net by Dr. Pienaar nie maar ook by die jonger predikante veral uit die Kaaplandse sinodes dat die NGK sloer met transformasie en vernuwing. As jong lidmaat/tokkelok en kind van die Here voel ek ook die kerk sloer met transformasie.

Natuurlik is daar logistiese oorwegings wat in ag geneem moet word wanneer kerke wil verenig. Wat gebeur met predikante se pensioene; wat gebeur met kerkgeboue; hoe bring ons salarisse van predikante van verskillende kerke bymekaar . Wat gaan ons doen met gemeentes wat waarsku van afstigting indien eenheid verwesenlik?

University of Pretoria etd – Steenbok, A-A (2006)

Die Vrystaat-kwessie tussen die NGKA en die VGK kan as 'n uitvloeisel van oorhaastigheid beskou word. Dalk moes die jonger manne geluister het toe ds. Sakkie Mentor destyds tydens eenheidsgesprekke voorgestel het dat die vereniging eers later geskied sodat die NGKA eers die geleentheid kan hê om tot finaliteit te kom oor die Belydenis van Belhar.

Natuurlik kan sommige nou verklaar dat die tyd vir vereniging tussen NGK en VGK nog steeds nie reg is nie, omrede huishoudings nie bymekaar gebring kan word as die een huishouding nog nie orde is nie. Hierdie ‘sloer’ kelder tog ons geloofwaardigheid by die wêreld. Is dit nie maar tyd vir huweliksbevestiging nie, sal later die verblyf en skoonfamilie uitsorteer.

Ja! die vereniging tussen die NGKA en die VGK het nie seepglad verloop nie en die hof moes sommige kwessies beslis. Hierdie kwessie is nie van groot belang nie omdat die eenheid wat bewerk was die kern van die (Christelike) saak is.

## 8. Vraeboog

VRAEBOOG: VGK DURBANVILLE

**Vraag 1**

Beskryf in vier kort sinne u herinneringe van die eerste jare van die NGSK

-----------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------

**Vraag 2**

Wat is u herinneringe van die Jeugbrigade, CJB, CSB?

-----------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------

**Vraag 3**

Was Apartheid in u oë n sonde?

Ja ☐ Nee ☐

**Vraag 4**

Selekteer asb van die volgende wat op u van toepassing is.

☐ Teïsme - geloof aan die bestaan van een God, wat Skepper en Bestuurder van die heelal is. God gryp in wanneer probleme opduik.

☐ Deïsme -geloof dat God Skepper is van heelal, maar nie bestuurder nie. God is die 'horlosiemaker'. Geen aksie is nodig van God.

**Vraag 5**

Was Kerkvereniging die regte pad vir NGSK?

Ja ☐ Nee ☐

**Vraag 6**

Sal daar vereniging tussen VGK en NGK wees?

Ja ☐ Nee ☐

## 9. Bibliografie


- Apollis N 1996. Dagbestuur het geen ander keuse. *Ligdraer/Ligstraal*, 57(2) :2.
- Barry Streek 1994. Poet quoted in the House. *Cape Times*, 15 May, 1.
- Boesak A 1996. Farewell to innocence. Johannesburg: Ravan-Press.
- Botha J & Naude P 1998. Op pad met Belhar. Pretoria: Van Schaik
- Botha A 1971. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika as 'n afsonderlike kerk. ABE-Bailey-Instituut vir Rassestudies.
- Boesak A A 1987. If this is treason. I am guilty. New Jersy: African World Press.
- Boesak W A 1998. Vraagtekens oor Gereformeerdheid. Belhar: LUS uitgewers.
- Boesak A A 1987. If this is treason, I am guilty. Leiden: Grand Rapids.
- Bowker J 1997. The Reformation. In *The Oxford Dictionary of World Religions*. New York: Oxford University Press.
- Burger C 2001. Ons weet aan wie ons behoort. Wellington: Lux Verbi.
- Cloete G D & Smit D J 1984. 'n Oomblik van waarheid : opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis' en die opstel van 'n konsepbelydenis. Kaapstad: Tafelberg.
- Coertzen P(red) 2002. 350 jaar Gereformeerd. Bloemfontein: CLF-Drukkers.
- Coertzen, P 1991. Gepas en ordelik. Pretoria: Sigma-press.
- Daniels W J 1998. Van Sendingkerk tot Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider Afrika: 1960-1997.Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- De Christen 1880. De Zending. Maart,107 –108.
- Durand J J F 1997. Die sjibbolet van Belhar. *Insig*, 1997 ,8.
- Durand J J F 2002. Ontluisterde Wêreld. Wellington: Lux Verbi.
- Durand J J F 1984. NGSK-belydenis soek ware eenheid. *die Burger*, 24 Jan, 11.
- Freedberg J 1987. Changing political identity of the ‘coloured’ people of South Africa: A political history 1652-1982. USA: University of California.
- Hofmeyr G S (red) 2002. NG Kerk 350. Wellington: Lux Verbi.
- Hugo P 1978. Quislings or realities? A documentary study of coloured politics in South Africa. Johannesburg: Ravan press.
- Jackson N & De Villiers J 2005. VGK kies onbekende bo Boesak as sy moderator. *Beeld*, 27 September, 4.

- Jonker I 1994. Ingrid Jonker Versamelde werke. Pretoria: Human & Rousseau
- Jackson N 2001. NGKA en VGK hof toe oor twis oor kerkgeboue, pastorieë. *Beeld*, 8 November,1.
- Jackson N 2003. Die VGK open ‘n teologiese skool in die Jakarandastad. *Beeld*, 20 Februarie,16.
- Jackson N 1998. Diep verdeeldheid blyk weer in NG Kerkfamilie oor Belhar-belydenis. *Beeld*, 14 September, 4.
- Jonker W D 1994. Bevrydende Waarheid. Wellington: Hugenote-Uitgewers.
- Kärkkäinen V 2002. An introduction to Ecclesiology. VSA: Inter-varsity press.
- Kerkbode, 16 Junie 1971. Dr. N J Smith
- Kriel C J 1978. Seuns in Sy wingerd . Paarl: Paarl Drukpers.
- Kriel C J 1963. Die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika: 1881-1965. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Kriel C J 1981. Die Eerste eeu : geskiedenis van Die Nederduitse Gereformeerde kerke. Goodwood: NG Sendingkerk in SA.
- Kwago A L 2003. Vroeë volwasse lidmate se Kerklike meelewing binne die Verenigende Gereformeerd Kerk: ‘n Empiriese studie in die ring van Wellington. Ongepubliseer meester proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria
- Ligdraer die 1982. Dr. Allan Boesak in gesprek met die Jeugligdraer. 16 September 246-247.
- Ligdraer die 1975. Die Christelike Sondag. April, 97-99.
- Ligdraer/Ligstraal die 1996. Pray for church unity. 57(2) :1.
- Ligdraer/Ligstraal die 1996. Wat doen vroue vir kerkeenheid? 57(6) :4.
- Ligdraer/Ligstraal die 1996. Wat doen vroue vir kerkeenheid? 57(3) :3.


- Ligdraer die 1982. Dr. Allan Boesak in gesprek met die Jeugligdraer. 16 September 246-247.
- Ligdraer die 1975. Die Christelike Sondag. April, 97-99.
- Ligdraer/Ligstraal die 1996. Pray for church unity. 57(2) :1.
- Ligdraer/Ligstraal die 1996. Wat doen vroue vir kerkeenheid? 57(6) :4.
- Ligdraer/Ligstraal die 1996. Wat doen vroue vir kerkeenheid? 57(3) :3.
- Ligdraer die 1982. Dr. Allan Boesak in gesprek met die Jeugligdraer. 16 September 246-247.

- Ligdraer die 1975. Die Christelike Sondag. April, 97-99.
- Ligdraer/Ligstraal die 1996. Pray for church unity. 57(2) :1.
- Ligdraer/Ligstraal die 1996. Wat doen vroue vir kerkeenheid? 57(6) :4.
- Ligdraer/Ligstraal die 1996. Wat doen vroue vir kerkeenheid? 57(3) :3.
- Loff C J A 1990. Die NG Sendingkerk en Kerkeenheid. *Apologia*, 5(2):3-15.
- Loff C J A 1998. Bevryding tot Eenwording. Kampen: Theologische Universiteit.
- Loff C J A 1998. Bevryding tot eenwording. Kampen : Theologische Universiteit.
- Lombard C & Hunter J H 1995. Kom ons word een : Namibiese bydraes tot kerkeenwording in die "NGK familie". Windhoek : EIN Publications.
- Lombard R T J 1981. Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en Rassepolitiek met spesiale verwysing na die jare 1948-1961. Transvaal: NG Boekhandel.
- Malan N 1998. Jeugbediening. Pretoria: RNG Drukkers.
- May A F 1955. Die NG Sendingkerk-Brigade. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.
- Meiring P (red.) 2001. So glo ons. Vereeniging: Christelike uitgewersmaatskappy.
- Meiring P 1999. Kroniek van die Waarheidskommissie. Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.
- Millard A 1978. Steve Biko: Black Consciousness in South Africa. New York: Random house.
- Mcwaba P 2005. Now G-8 is the flip side for Mbeki. *Pretoria News*, 5 Jul, 7.
- Rahner K(eds) 1975. Reformation. In *Encyclopedia of theology*. London: Burn & Oats.
- Retief J 1998. VGK leef voort nadat Appèlhof oor NGKA beslis. *Die Burger*, 5 Desember,6.
- Retief J 1997. Emosies op sinode loop hoog oor Afrikaans. *Die Volksblad*, 16 April,1.
- Retief J 1997. VGK kies Buys as moderator. *Die Volksblad*, 16 April,4.
- Scholtz A 1989. The Story of Allan Boesak. Duitsland: Busseseewald
- Smit D J 1988. Wat is gereformeerde spiritualiteit?. *NGTT*, V29: 183-193.
- Smit D J 1989. Kan spiritualiteit beskryf word?. *NGTT*, V30: 83-92.

- Smit D J 1997. Oor lofprysing-en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. *NGTT*, V38: 389-416.
- Swart S 1997. Vreugde oor kerke se samesmelting. *Die Volksblad*, 17 April, 7.
- The Citizen 1994. Mandela welcomes the merger of 2 churches. 18 April,4.
- Van Niekerk A 1982. Dominee are you listening to the drums? Kaapstad, Tafelberg.
- Versluis J 2001. VGKSA wil hande vat met NGKA oor bestaan. *Die Volksblad*, 4 Oktober,4.
- Versluis J 1996. Saamsmelt van kerke: 2 sinodes kan appelleer. *Die Volksblad*, 26 Oktober, 9.
- Van Belzen J A 1989. Psychopathologie en religie. Kampen, J H Kok-uitgewers.
- Yssel Eugene 1997. Beleidstuk gegrond op Belhar-belydenis bepleit. *Beeld*,20 Maart,7.
- Yssel Eugene 1997. Beleidstuk gegrond op Belhar-belydenis bepleit. *Beeld*,20 Maart,10.
- Yssel Eugene 1997. Beleidstuk gegrond op Belhar-belydenis bepleit. *Beeld*,20 Maart,7.
- Yssel Eugene 1997. Beleidstuk gegrond op Belhar-belydenis bepleit. *Beeld*,20 Maart,10.
- Yssel Eugene 1986. Kerkprobleme oor eenheid land in hof. *Beeld*, 20 Maart, 18.

**Argief: Biblioteek Universiteit van Stellenbosch**


- Acta, M.K. 1857, p.89. Vgl Marais,Ben, J. Die Kleur-krisis in die Weste,pp 290-291
- Acta Synodi NG Kerk 1880, Bylae "De Zending",p.2 punt 6
- Acta Synodi NG Kerk 1880, p.10
- Acta Synodi NG Kerk 1880, p.54-57
- Acta Synodi NG Kerk 1883, p.59-60
- Acta Synodi NG Sendingkerk 1978, p.476 & p.505.
- Acta Synodi NG Sendingkerk 1978, p.399.
- Acta Synodi NG Sendingkerk p.292, 293
- Acta Synodi NG Sendingkerk 1990, p.807.
- Acta Synodi NG Sendingkerk 1990, p.32.
- Kerkorde van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, Belhar 1994.

Er wordt gesproken van MEERDERE GEBREKEN, die het Zendingwerk onzer kerk aankleven. Een van die gebreken, onbekendheid in de kerk met haar eigen werk, wordt daar besproken en het geneesmiddel aangegeven, dat er van elk onzer Zendingakkers zooveel mogelijk medeeling, ten minste jaarlijks een bericht worde geleverd. De Broeders, die in het Zendingwerk bezig zijn worden hiermede nogmaals verzocht niet achter te blijven, maar elk hun verslag over het jaar 1879 in te zenden aan de Redactie.

Een ander gebrek, dat wij heden willen bespreken is algeheel GEMIS AAN KERKELIJKE ORGANISATIE in ons Zendingwerk, waaronder èn de arbeider, èn het werk lijdt.

1. De *Zendeling*: Ik weet niet of het iemand van ons duidelijk is, welke kerkelijke positie hij heeft. Wij hebben noch onder elkander, noch met de kerk eenig *kerkelijk* verband. Ieder van ons staat alleen en moet zien hoe hij klaar komt. Dit is waar, zoover ik de zaak doorzie, van ons *allen*, hetzij wij onder de Zendings commissiën' onder kerkeraden of plaatselijke besturen werken. Heeft de predikant eene moeielijkheid, hij zendt een beschrijvingspunt bij Ring of Synode in, en de toelichting of verordening, die er gegeven of gemaakt wordt, heeft gezag, waarop de predikant steunt en waaraan de gemeente zich onderwerpt. Maar de Zendeling onzer kerk heeft in de kerk geen lichaam van hetwelk hij lid is, bij hetwelk hij steun vindt, met hetwelk hij kan raadplegen. Dat die positie onbijbelsch is, leert ons het Boek der Handelingen en dat deze toestand schadelijk moet werken verstaat ieder die kerkelijk gevoel en begrip heeft. En nu

2. De *Zendinggemeente*. Door Gods genade heeft onze kerk er reeds een heel aantal en sommige zeer belangrijk, maar haar toestand en betrekking tot de kerk is nog moeielijker te beschrijven dan van den Zendeling. Bij vele Zendinggemeenten heeft men zich beholpen met een namaaksel van de blanke gemeente, maar dat is toch gansch iets anders, Independentisme namelijk. Nu wil ik niets tegen de Independenten zeggen, maar de Gereformeerde Kerk is toch niet Independent en onze Zendinggemeenten moeten een ander verband en bestuur hebben. Voor sommige gemeenten onzer kerk is het hoog tijd, dat er raad gemaakt worde. Er moet eene KERKORDE zijn waarnaar en waardoor die gemeenten bestuurd worden. Die gemeenten moeten tot eene *kerk* gevormd of bij *de* kerk ingelijfd worden.

Ons Zendingswerk in dit land is in zulk een eigenaardigen toestand als misschien geene andere zending. Boven velen heeft ons werk dit voordeel, dat het een zuiver kerkelijk en niet een genootschappelijk (buiten de kerk om) werk is; terwijl het dit eigenaardige heeft, dat de Zendende Kerk samen leeft met de Heidenen tot welke zij zendt en die zij uitnoodigt. Een soort Kerkbestuur onder of over de Zendinggemeenten hebben meest alle genootschappen, die in Afrika arbeiden, terwijl de Gereformeerde - Basutokerk in Basutoland, onder leiding der Fransche Zendelingen, een volkomen uitgewerkten kerkvorm heeft, die alle gemeenten tot één lichaam maakt. Het zal nu de vraag wezen wat voor onze kerk de weg is, òf de Zendinggemeenten als leden van haar lichaam *in* haar lichaam opnemen, òf die gemeente zich tot eene eigene *Inboorlingenkerk* laten vormen.

Ik noodig andere B.B. uit, waar ik verkeerd zie, mij terecht te helpen; in elk geval de zaak te bespreken. De Synode nadert en het zou misschien goed zijn, dat deze zaak door bespreking direct of indirect onder hare aandacht kwam.

J. C. P.

Wellington, 15 Maart 1880.

[Het verblijd ons zeer dat de aandacht bij deze zaak bepaald werdt. In de Synode van 1876, 21ste zitting (zie Hand. bl 46) werd aan de Binnenlandsche Zendingcommissie opgedragen onderzoek te doen naar den toestand dier Zendinggemeenten die gesticht zijn buiten de bepalingen der kerkelijke wet. Daarmede werd zeker bedoeld die in geen rechtstreeksch verband met de Zendingcommissie staan. Zij zou aan de eerstvolgende Synode rapport moeten doen.

Indien wij tot aanmoediging van de discussie ons gevoelen moesten uitspreken dan zou het wezen om te zeggen, dat wat de twee voorgestelde plannen betreft, van de eerste, inlijving van die gemeenten als gemeenten onze Kerk, met al de voorrechten daaraan verbonden, er vooralsgeene gedachte zal wezen. De reden zonden wij in een veelzeggend woord kunnen opnoemen: onze Kerk is er nog niet rijp voor. Wat het tweede plan betreft, de organisatie eener Zendingkerk, wij zien niet in waarom de Synode niet verlof zou geven tot officieele samenkomsten van de Zendelingen. Noem die vergaderingen vooreerst Conferenties. Laat er een zijn voor Oost en een voor West. Uit deze samenkomsten zouden later voorstellen kunnen komen die leiden tot de stichting van eene Inboorlingenkerk, desnoods met eigen ring en Synode.

De Zendingcommissie zou de kerk eene weldaad doen, indien zij, in verband met de bovengemelde opdracht, deze zaak voor de aandacht der Synode zou brengen. Dat de B.B. intusschen, naar de uitnoodiging van onzen Br. P., hun gevoelen over de zaa uitspreken.—RED.]

## DE ZENDINGS-ZONDAGSCHOOL,

### IN VERBAND MET DE GEREFORMEERDE GEMEENTE VAN KAAPSTAD.

De lezers van de *Kerkbode* zullen zich herinneren dat wij verleden jaar, in Juni, verslag gaven van de stichting van de Zendings-Zondagschool.

Het werk is sedert voortgezet en door Gods goedheid gezegend geworden.

Nog worden uit de straten en gangen der stad kinderen van allerlei kleur, meestal van heidensche en mohamedaansche ouders, door de onderwijzers en onderwijzeressen bij elkander geschaard en naar de Zondagschool gebracht, om daar in den weg der zaligheid onderwezen te worden.

De hoogste opkomst is geweest 238, de laagste 122, tegen 143 en 98 in de eerste zes maanden.

Het getal onderwijzers is geklommen tot 9, onderwijzeressen tot 21.